

DIE FUNDAMENTELE DOELSTELLING VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDING IN TEORIE EN PRAKTYK.

---,---

A F D E L I N G A.

ORIENTERING.

---,---

HOOFSTUK I.

INLEIDING.

Die feit dat daar geen ware opvoeding moontlik en denkbaar is sonder die rigtende en steunende krag van 'n lewensbeskouing nie , geld in hoër mate ook vir die liggaamlike opvoeding. By hierdie besondere deel van die opvoeding is dit eweseer belangrik wat die opvoeder oor die uitgangspunt , naamlik die onvolwasse mens , dink , want dit bepaal sy hele opvoedkundige onderneming. Oor en in alle tye bestaan daar die nouste verband tussen die ontwikkeling van die liggaamlike opvoeding en van die lewens- en wêreldbeskouing van die mens.

Die lyn van ontwikkeling en waardering van die liggaamlike opvoeding in die loop van die tye is beslis nie 'n reguit lyn nie , 1) maar veeleer 'n golvende , op- en afgaande lyn met sy hoogtes en sy laagtes wat mekaar voortdurend en gereeld opvolg. By 'n bestudering van die geskiedenis van liggaamlike opvoeding sal baie heffings sowel as dalings van die ontwikkelings- en waarderingsslyn waargeneem word. Hoofstuk II van hierdie verhandeling bevat 'n paar illustratiewe grepe uit die geskiedenis wat hierdie stelling bevestig. Aangesien die volgende hoofstuk egter in die rigting van die doel van die liggaamlike opvoeding gaan , sal in hierdie inleiding slegs getrag word om die moontlike oorsake van die wisseling betreffende die intensiteit van

1) Cf. Coetzee : Die Moderne Opvoeding , 7.

(N.B. : aan die einde van elke hoofstuk van Afdeling A word 'n lys van geraadpleegde werke vir daardie hoofstuk opgegee; die uiteenlopendheid van inhoud van die verskillende hoofstukke maak dit wenslik. Aan die einde van die hele werk word die totale lys van alle geraadpleegde werke , met volledige besonderhede , opgegee.)

waardering van liggaamsoefeninge te behandel en daarbenewens 'n paar voorbeelde uit die geskiedenis te gee van die karakter van liggaamlike opvoeding as gevolg van bepaalde tydsomstandighede, lewens- en wêreldbeskouings.

Dit is 'n bekende verskynsel dat geestelike strominge van 'n bepaalde tyd hul invloed op die dink- en doenrigting in elke tak van wetenskap uitoefen. 2) So vind ons byvoorbeeld in die geneeskundige denke van die Oudheid die wysgerige opvattinge weerspieël wat met betrekking tot die lewe en die wêreld van die verskynsels voorgestaan is. Ter verduideliking hiervan noem ons twee denkers uit die begin van die Griekse kultuurgeskiedenis, van wie die wysgerige stelsels teenoor mekaar geplaas kan word: Heraklitus en Parmenides.

Heraklitus van Efese (536 - 470 v.Chr.) 3) sien in alles verandering; daar is niks wat blywend bestaan nie — selfs die heelal is onophoudelik besig om hom opnuut te vorm. Van die dinge kan mens nie sê dat hulle is nie, slegs dat hulle word of vergaan in die ewig-wisselende spel van die wêreldbeweging: *παντα ῥεει*. Vanweë die beweeglike, die steeds veranderende en veranderlike kan die leer van Heraklitus as die dinamiese bestempel word.

Parmenides van Elea (geb. 515 v.Chr.) 4) daarenteen sê dat alles „syn“ is en al die „synde“ een. Die „een“ is ewig, ongeword, onverganklik. Die veelheid, die gebeure, die verandering is 'n valse skyn. Vanweë die onbeweeglike kan die leer van Parmenides as die statiese bestempel word.

Hiermee is twee tipies wysgerige beskouings teenoor mekaar gestel; albei is van algemene aard. Nogtans vind mens hulle onder andere beliggaam in die begripskonstruksies van die ou heelmeesters: langsaan mekaar vind mens die humorale patologie van die dinamiese denkers en die solidêre patologie van die statiese denkers. Die humorale patoloë werk vernaamlik met

2) Landwehr: Ontwikkeling ziektebegrip, 7.

3) loc.cit.

4) loc.cit.

elemente soos vuur , lug , water , aarde , elemente wat in die menslike liggaam teruggevind word ; wêreldelemente en menslike sappe is draers van dieselfde eienskappe. Eukrasie 5) sou die gevolg wees van 'n goeie vermenging van die vogte wat in 'n goeie verhouding aanwesig is. Die solidêre patoloë daarenteen is die groep wat agter die verskynsels die blywende soek ; daar is wel beweging , maar van oerliggaampies in kanale. Die siel bestaan selfs uit besondere oerliggaampies wat glad en koeëlronde is , en die liggaam is gesond as die oerliggaampies in juiste grootte, getal en rangskikking aanwesig is en goed beweeg deur kanale wat die juiste wydte het.

Dat dergelyke opvattinge lank kan standhou , word bewys deur die feit dat die anatoom Vesalius (1514-1565) as een van die mees bekende onder die solidêre patoloë genoem word 6) oëne nadat Galenus (ong. 200 n.Chr.) getrag het om die twee patologiese denkbeelde te verenig.

Ook op opvoedkundige gebied het geestelike strominge steeds hulle invloed uitgeoefen. Ons dink hier aan wysgere soos Plato (427-347 v.Chr.) en Aristoteles (384-322 v.Chr.) 7) en kom onder die indruk van die invloed van albei op die praktyk van onderwys en opvoeding tot vandag toe. 'n „Nuwe" opvoeding het baie „nuwe" idees wat al so oud is as Plato en Aristoteles self. 8) Die opvoeding is eintlik so oud as die mensheid self , maar namate die eise wat die omgewing , die wêreld van die mens gevra het , in die loop van tye verander het , so ook het die opvoeding in sy praktyk hom noodsaaklikerwys gereeld moes rig na die verlangens , vereistes en wense van die tye. Dit alles lewer vir ons die geskiedenis van die opvoeding wat begin het by die Skepping en eers sal eindig as die „wêreld sal verbyggaan het". 9)

5) i.e. die gesonde toestand van die liggaam ; die teenoorgestelde is diskrasie.

6) Landwehr : op.cit. , 2.

7) Coetzee : Algemene Teoretiese Opvoedkunde , 31.

8) Coetzee : Die Moderne Opvoeding , 9.

9) van Duyvendijk en Visser : Geschiedenis , 11.

Die plek wat liggaamskultuur 10) in die loop van die tye. in die maatskaplike lewe ingeneem het , het ook varieer van hoog tot laag , van groot verering van die liggaam tot diepe minagting , van algemene belangstelling tot volkome loëning. Die waardering van liggaamssoefeninge het steeds afgehang van die beskouing omtrent die mens. 11) 'n Mensbeeld waarin die liggaam vyand is , lei vanselfsprekend tot 'n geringe waardering van liggaamssoefeninge ; 'n mensbeskouing waarin die liggaam werktuig is , voer tot 'n sokere welwillende houding ; sien mens in die liggaam die eintlike mens , dus die liggaam as die wessentlike , die belangrikste , dan sal aan die versorging daarvan ook baie aandag bestee word , selfs tot oorskatting van liggaamssoefeninge tot die hoogte van 'n liggaamskultus. 12)

Aan die einde van die Middeleeue sien ons 'n oplewing van algemene aard in die vorm van die studie van die oudheid. Ook op die gebied van liggaamlike opvoeding vind ons die verskynsel daar het plotseling 'n wye belangstelling gekom in die manier waarop die ou Grieke hul liggaamssoefeninge bedryf het. Hierdeur word die waarde van die lewe weer erken , die sorg vir en die ontwikkeling van die liggaam kry weer 'n plek van belang en vernaamheid. (Humanisme). En dit is hieruit dat mens langsaam hand weer gekom het tot 'n opvoedkundige sisteem van liggaamssoefeninge ; deeglike grondslae is gelê.

Hierdie oplewing van liggaamssoefeninge het in die Geskiedenis onmiddellik gevolg op die veroordeling daarvan deur die Middeleeue. Wat toe nog van liggaamssoefeninge uit die klassieke oudheid oorgebly het is deur die Christendom vinnig uit die weg geruim. Dit was trouens iets wat die naam van liggaamssoefeninge

- 10) Ofskoon 'n spesiale hoofstuk (Hoofstuk V) van hierdie verhandeling die verskillende kategorieë van die liggaamlike opvoeding sal bepaal , mag dit nogtans wenslik wees om hier reeds enkele vakterme kortliks te verduidelik. In hierdie geval : liggaamskultuur , direk afgelei van die Latynse "cultura" : beskawing , veredeling , ontwikkeling ; onder "liggaamskultuur" word verstaan die normale versorging soos dit aan die liggaam moet toekom.
- 11) van Asch : Gymnastiek , 12.
- 12) Liggaamskultus het 'n ongunstige betekenis ; die woord is afgelei van die Latynse "colo" : versorg , koester , vereer , aanbid ; die kultus ken aan die liggaam meer toe as wat aan die liggaam behoort toe te kom.

nie meer durf dra het nie ; dit het nie meer met die opvoeding saamgehang nie ; dit is sonder 'n hoër doel beoefen , slegs uit louter genoeë of sensasie , gepaard met baie vorme van onsedelikheid. 13) Die aksie van die Christendom hierteen is heeltemal verklaarbaar , ofskoon die begryplike reaksie wat die aardse bestaan verguis het en slegs vir die hoër geestelike lewe geleef het , tog as verkeerd beskou moet word. Die teenstelling „gees" en „vlees" , „aards" en „hemels" , „geestelike" en „leek" , „natuur" en „genade" wat so kragtig deur die kerk van die Middeleeue gepredik is , is allermens Christelik ; dit is onskriftuurlik , soos uit die volgende hoofstukke sal blyk. Ook hierdie opvattinge het nogtans lank stand gehou. Met hierdie voorbeelde sien ons dus oorsake van die sterktewisseling betreffende die waardering van liggaamsoefeninge.

Bepaalde tydsomstandighede kan ook terdeë die karakter van liggaamlike opvoeding beïnvloed. Dit was die Humaniste wat weer die aandag op liggaamsoefeninge gevestig het ; die Filantropiniste egter het die daad by die woord gevoeg deur liggaamsoefeninge in die leerplan van hul onderwysinrigtings op te neem. Die tydperk van die Filantropiniste sien die ontwikkeling van skoolgimnastiek vanaf Basedow (1723-1790) tot en met Pestalozzi (1746-1827) , waarmee plotseling die ontwikkeling tot stilstand kom en wel as gevolg van tydsomstandighede.

Nadat Mack en 60,000 Oostenrykers hulle by Ulm aan Napoleon oorgegee het , word Wene beset ; kort daarop volg die grootste oorwinning — dié by Austerlitz. Pruise neem die wapens op in September 1806 , maar word reeds in Oktober van dieselfde jaar heeltemal oorrompel. In 1813 staan Pruise weer op en die veldtog wat nou volg , eindig in die uitdrywing van Napoleon. Duitsland het dus 'n aantal jare lank onder die druk van die Franse oorweldigende gesug. Hierdie jare word egter in die geskiedenis van liggaamlike opvoeding van enorme betekenis beskou. Weliswaar het dit die ontwikkeling van skoolgimnastiek danig in die pad gestaan , maar daarnaas vind ons 'n ontwikkeling in 'n

13) Bogeng : Der Sport aller Zeiten und Völker , 162 , 168.

ander rigting. Die liggaamsoefeninge het oorgegaan in 'n middel tot vinnige en bedekte weerbaarmaking, wat heeltemal in verband met die tydsomstandighede van die land op daardie oomblik gestaan het.

In die tyd was daar baie mense, vooraanstaande persone, wat kragtig meegewerk het om die herrysing van Duitsland voor te berei. Hulle het mekaar gesteun en onder andere die noodsaaklikheid van 'n nuwe opvoedingsstelsel met opneming daarin van liggaamsoefeninge aangetoon. Dit alles het 'n groot invloed uitgeoefen op 'n man wat deur sy optrede Duitsland se „Turnvater“ geword het. 14) Friedrich Ludwig Jahn (geb. 1778) wie se honderdste sterfdag ons hierdie jaar op 15 Oktober herdenk het, het die volksturne gevestig en hierin 'n middel gesien om die Duitse volk uit die diep vernedering op te hef. Hy het die turners tot kragtige verdedigers van die vaderland omgeskep. Vir hierdie doel het hy die gimnastiek uit die partikuliere skole oorgebring na die hele volk. Dat die karakter van Jahn se liggaamsoefeninge noodwendig van dié van die skole moes verskil sal heeltemal duidelik en verstaanbaar wees. Dit is sy produk, onder druk ontstaan, uit nood gebore, met sukses bekroon wat tans nog in ere gehou word en veelvuldig op tipies-Jahnse wyse beoefen word, ook in skole.

Dat die antwoorde op alle vrae, ook op die gebied van liggaamlike opvoeding, in die laaste instansie gegee word op grond van 'n lewensbeskouing wil ons graag aantoon met 'n voorbeeld uit die geskiedenis. Die geskiedenis van die menslike denke plaas ons voor 'n groot verskeidenheid van lewensbeskouinge. Niteenstaande die groot verskeidenheid is die aantal hoofstrominge tog maar beperk. 15) Allereers is daar die groot skoidingslyn tussen die teïstiese en die humanistiese rigtings. Die Protestants-Christelike (Calvinistiese) lewensbeskouing is vir die ontwikkeling van ons gedagtes in hierdie verhandeling

14) vide my artikels in die Onderwysblad vir Christelike en Nasionale Onderwys en Opvoeding, Nos. 636, 637 en 638.

15) Cootzee: Teoretiese Opvoedkunde, 32.

die belangrikste rigting. Dit neem nie weg dat ons ook 'n studie moet maak van die humanistiese of nie-Christelike lewensbeskouing nie. Ook by hierdie rigting vind ons baie wat van groot belang is, veral vir die praktyk van die Christelike opvoedkundige. Uit die groot verskeidenheid van humanistiese beskouings het vir bespreking die keuse op die Naturalisme geval.

Die Naturalisme vind sy oorsprong in Griekeland en is 'n vertakking van die Realisme. 16) Met die Renaissance kom die herlewing van die natuurstudie, wat 'n groot invloed gehad het op die Westerse denke. Bacon (1561-1626) en Locke (1632-1740) is die twee grondleggers van die naturalistiese rigting in die moderne lewe, denke en opvoeding. Ook die werk van Rousseau (1712-1778) - eintlik idealis - is sterk naturalisties gekleur. In Herbert Spencer (1820-1903) vind die Naturalisme sy grootste ondersteuner. Volgens Spencer is selfbehoud die hoogste wet in die lewe; vandaar die vakke in die leerplan wat selfbehoud voorstaan: gesondheidsleer, natuurwetenskappe. Die doel van die lewe 17) is om die hoogs moontlike geluk vir die hoogs moontlike aantal mense te vind. Die handeling van die mens is goed as hulle tot gevolg het dat die geluk verhoog word. Die doel van die opvoeding is om die mens alsydig te leer lewe, nie vir die hiernamaals nie, maar net vir die aarde. Die kind is volgens Spencer van nature volstrek nie goed en die opvoeding nie almagtig nie. Geleidelik moet die kind beskaaf word om 'n nuttige en bruikbare skakel in sy omgewing te word. Die opvoeding strewe derhalwe na direkte selfbehoud (behoud van lewe en gesondheid), indirekte selfbehoud (middel tot broodwinning), bekwaammaking met die oog op die volgende geslag, handhawing van posisie en veraangenaming van die lewe. 18) Die natuur is 'n vervulling van hierdie oogmerke; die lewe in die gesin en in die maatskappy is onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan die natuur verskuldig. Ouers en opvoeders het die taak om die natuur te verduidelik.

In die liggaamlike opvoeding wil Spencer die resultate van die moderne wetenskap noukeurig toegepas sien. Dié vertakking

16) Coetzee: Teoretiese Opvoedkunde, 42.

17) Coetzee: Opvoedkundige Teorie en Praktyk, 217.

18) Spencer: L'Education, 12.

van die opvoeding vorm die grondslag van die geheel ; as natuurwese is die mens iets organies , iets sinliks , iets dierliks. Die eerste vereiste is om 'n goeie dier te wees. 19) Fisieke gesondheid en sterkte is van die allergrootste belang ; die hoogste doel van die natuur is die welvaart van die nageslag. Die versorging van die gesondheid en die kragtige opbou van die liggaam is die enigste pligte wat Spencer ken. 20)

Dit alles mag beskou word as water op die meul van die liggaamlike opvoeders. Tegelykertyd kan mens egter insien dat dergelike opvattinge van 'n radikale materialis as Spencer nie bevorderlik is vir die opname van liggaamlike opvoeding in die program van die skole wat 'n Christelike onderwys voorstaan nie — te meer waar hierdie skole geworstel het om hul goeie reg van onderwys teenoor die neutrale , die openbare skool.

Hierdie stryd het in Nederland tydens die veertiger jare van die vorige eeu begin. Onder leiding van Groen van Prinsterer (1801-1876) het die pioniers geveg teen die belemmerings wat deur die plaaslike owerheidsorgane die oprigting van die Christelike skole in die weg gelê is. 21) Sedert 1830 is naamlik aan die gewestelike magistrate opdrag gegee om outorisasie vir skoolstigting te verleen , maar die liberale outoriteite het die vryheid geneem om hierdie versoeke nie toe te staan nie — 'n voorbeeld van hooghartige tirannie. Hierdie onderdrukking moes tot verset lei ; die belyders van die Christus kon dit nie verdra nie. Groen van Prinsterer het hom aan die hoof van hierdie vryheidsbeweging gestel. Eers het hy die ideaal gekoester van die stigting van 'n Christelike owerheidsskool , 'n staatskool wat hom aansluit by die lewe van 'n Christelike nasie om daardeur ook die nasie geestelik te behou ; later — as gevolg van 'n skoolwet (van der Brugghen , 1875) — het hy die verset gelei in die bane van die stryd vir die vrye skool , al het vir hom die adagium : „De school aan en van de ouders" nie gelewe nie. Op hierdie eerste periode volg 'n tweede waarin die teenstelligings nie minder skerp is nie — die periode van Kappeyne van de

19) Spencer : op.cit. , 183.

20) ibid. , 233.

21) vide i.a. Gerof.Weekblad , 29-2-52.

Copello , die periode van die oorheersing van die liberalisme , die periode van druk en smaad , van veragting en verguising , maar ook die periode van die ontwaking van die Christenvolk , die periode van die oprigting van die Unie : 'n "School met de Bijbel". In hierdie ongelyke stryd , gevoer onder leiding van Elout , Mackay , Kuyper en Lohman het die liberalisme hom te pletter geloop teen die rots van die heilige skoolverset.

Omstreeks 1890 is die goeie reg van die Christelike skool wetlik erken en die eerste subsidie verleen , ofskoon die finansieële gelykstelling van openbare en besondere onderwys eers in 1920 (Skoolwet - De Visser) plaasgevind het. Nog woed die stryd voort , al erken die publiek tans die reg en ook die waarde van die skool met die Bybel. In die eerste plek word geworstel om die vryheid wat verkry is , te verdedig teen die ekspansie-sug van die staat ; verder om die bewaring van die geestelike goedere in eie kring en eie lewe , "opdat in de weelde en in de vrijheid het goud des geloofs en der geestelijke toewijding niet zou verdonkeren" ; en ten slotte om teenoor elke humanistiese ideaal en elke revolusionêre gedagte wat prinsipieel in oorsprong en karakter diametraal teenoor die Christelike lewens-oortuiging staan , die Christelike onderwys- en opvoedingsbeginsel met groot trou en sterk vasberadenheid te handhaaf , "om God wille , om de wille ook van het kind , dat bij Christus thuis hoort". Die beginsels uit hierdie skoolstryd is van betekenis , ook vir die Christelike onderwys in ander lande.

Sowel op die neutrale as op die Christelike skool het die opvoeder te doen met 'n baie groot verskeidenheid leervakke; alle leerlinge is nie in alle opsigte eners nie , die lewe is so verskillend en elke leerling afsonderlik het 'n verskeidenheid van belangstelling. Aan die ander kant moet daar ook 'n beperking wees ; die verskeidenheid moet samehangend wees en betekenisvol ; bowendien is die leerling beperk in sy vermoë om op te neem . Dit is daarby die lewensbeskouing wat die verskil in die keuse van die leerstof aanbring. Die Christelike lewensbeskouing byvoorbeeld sal heeltemal verskillende leerstof kies as die

naturalistiese lewensbeskouing. By laasgenoemde word meer klem gelê op die vakke wat die individualiteit van die kind moet ontwikkel 22) in stede van die kind tot die diens van God op te voed. Op die Christelike skool vorm die religieuse opvoeding die kern van die hele opvoeding. Slegs kennis wat Godskennis is, kennis wat dus in beginsel wysheid is, kennis wat toerus vir die praktiese lewe, is in 'n opvoedkunde na die Woord van God wenslik.

Toegegee moet word dat ook op 'n Christelike skool die meeste tyd bestee word aan die sekulêre vakke, vakke wat mens en wêreld betref, maar waar spesiaal tyd afgesonder word om die leerlinge reële kennis omtrent die geloofslêre, die geloofsleer, die Bybelse Geskiedenis, ensovoorts by te bring, mag ons nogtans die feit nie as genoegsaam beskou ter onderskeiding van die liberale skool nie. Intendeel, die hele dag moet godsdiensoopvoedend wees. Die predikaat „Christelik” kan nie verleen word op grond van 'n halfuur godsdiensonderwys per dag of per week nie. In geen geval word die skool 'n Christelike inrigting as daar maar gereeld Bybelse Geskiedenis onderrig word nie.

Ons sien dus dat, wil die Christelike skool sy reg van bestaan teenoor die neutrale skool handhaaf, die Christelike skool aan 'n aantal vereistes moet voldoen. En in soverre dit ons onderwerp betref, moet dit ook duidelik wees dat dit vir ons vaders baie moeilik was om te besluit of liggaamlike opvoeding ook in die program opgeneem moes word — veral waar dit 'n liggaamlike opvoeding betref het, wat heeltemal op humanistiese lees geskied was.

Dit kan nie ontken word nie dat dit dikwels die Protestants-Christelike deel van die bevolking was wat liggaams oefeninge se ontwikkeling teenghou het; 'n groot deel van die publiek wou gedurende 'n lang tydperk van liggaamlike opvoeding en alles wat daarmee saamhang nie baie geweet het nie. Dis ook heel moontlik dat die beoefenaars op een of ander manier daartoe 22) Coetzee: Teoretiese Opvoedkunde, 56.

aanleiding ggee het. Maar dit mag nie aanleiding word dat die meer belangrike ten gunste van die insidentele , van die minder belangrike opgeoffer word nie , en algemeen word tans dan ook in Christelike kringe aangeneem dat dit teen die Skrif indruis om die liggaam as skeppingsproduk agter te stel by die siel.

Dat die Christen maar al te graag en al te maklik sy afkeer getoon het , was moontlik ook 'n gevolg van die verkeerde opvatting van die beroemde teks uit die Heilige Skrif : „Want de lichamelijke oefening is tot weinig nut". 23) Selfs vir die voorstanders van opneming van liggaamlike opvoeding in die Christelike skool , vir die voorstanders van 'n liggaamlike oefening in Christelike sin was dit steeds moeilik om by hierdie teks verby te kom. 1 Timótheüs 4 : 8 is dan ook beskou as die „groote dooddooener" , die wettige en oortuigende , die Skriftuurlike bewys dat om te pleit vir goeie sport en gimnastiek eintlik nouliks toelaatbaar was.

Grosheide het in verband met hierdie teks uitvoerig verklaar , 24) dat in die hele Nuwe Testament die Griekse woord ~~γυμνασία~~ slegs figuurlik voorkom. Daarby kom dat Paulus , nadat hy die woord eers figuurlik gebesig het met dieselfde woord voortgaan , 'n verskynsel wat in die Nuwe Testament herhaaldelik aangetref word. Dit is ook nie geoorloof om die teks uit sy verband te neem nie. Timótheüs moet sy waarskuwing laat hoor teen verkeerde askese. Hy moet fabels verwerp en hom oefen tot godsaligheid. In hierdie verband kan dit slegs beteken dat die oefening nie in die rigting van askese gesoek moet word nie , maar in die rigting van vorming deur woorde van geloof en goeie leer. Paulus maak nou die teenstelling met hierdie geestelike oefening. Van gimnastiek in ons moderne betekenis is in die hele verband geen sprake nie , wel van liggaamlike askese. Die teks moet dan so verstaan word dat dit beteken : die askese wat die liggaam oefen het wel nut , maar nie baie nie ; dit is noodsaaklik om homself geestelik te oefen.

Volgens van Nes het die „liggaamlike oefening van Timótheüs

23) 1 Timótheüs 4 : 8 (Statenvertaling).

24) De Lichamelijke Opvoeding , Jrg.27 , 478.

niks uit te staan met die Griekse , nòg met ons gimnastiek nie. Soos uit die verband blyk , moet ons dink aan die dwaalleer wat allerhande onthoudings voorskrywe. Hierdie oefening het wel nut, omdat dit selfbeheersing leer , maar dit verryk nie op geestelike gebied , soos die dwaalleraars meen nie. "Het spreekt vanzelf , dat onze geheelonthouders niet door deze uitspraken veroordeeld worden , want het gaat hier om het beginsel der gnostiek , die met haar dualisme in het materiele op zichzelf de zonde zag , terwijl de Christelijke beschouwing God wil verheerlijken door geest en lichaam beide".(Prof.Dr.H.M. van Nes : Uitlegging van Paulus' brieven van Galaten-Filemon, 2de druk, 1927, bl.124).

Volgens dr.Bouma 25) lê die betekenis van die uitspraak in die vergelyking **προς ὀλίγον - προς παντα. προς ὀλίγον** gee 'n uitspraak nie oor die kwaliteit van die nut nie , maar oor die kwantiteit.

Stel mens die liggaamlike oefening (gimnastiek en sport) teenoor die geestelike oefening tot godsaligheid , dan bly daar in genoemde teks 'n mate van waarheid skuil , maar op grond van die bovermelde uitsprake is dit heel moontlik dat godsdienst en liggaamlike oefening in versoening met mekaar gebring word. In die Bybel word aan ons die vreugde oor die bestaan gepredik en dit is beslis nie waar nie dat daar in die Bybel staan dat ons "maar" 'n sterflike liggaam het en dat dit eintlik gaan om die onsterflike siel. Die bestaan van die mens is nie 'n toevalligheid , nie die resultaat van volkome willekeurige omstandighede nie ; die mens is daar as beelddraer van God. 26) In die wyse waarop ons liggaam geskape is , waarop dit funksioneer , in die verrassende wendinge van die menslike "syn" , in sy eenheid van geestelike en liggaamlike belewing , in die voortdurende inwerking op mekaar , in dit alles vind ons die uitdrukking van God se wese. Ons mag iets van die wese van God aflei uit die wyse waarop alle mense bestaan soos ons is , soos ons met mekaar omgang het , soos ons in die wêreld lewe. Die

25) Bouma : De brieven van den Apostel Paulus , 159 et seq.

26) Krop : Vreugde over de Schepping , 444.

vreugde oor die uitdrukkingsmoontlikhede is ook 'n diens aan die Here God wat die mens so gemaak het dat hy hom verheug in hierdie bestaan. As ons werklik glo dat ons as 't ware uit die hand van die Here voortgekom het, as ons bely dat ons bestaan hier op aarde te doen het met die wese van God, as ons weet dat hierdie bestaan belangrik is omdat onse Here Jesus Christus hierdie liggaam geken en aan hierdie liggaam deel gehad het, dan beteken dit dat daar nie langer 'n skeiding mag bly tussen die onderrig van die kerk aangaande die leer en die waarheid en liggaamsoefeninge nie, want dit is een saak. 27)

Van 'n toegeeflike houding in Christelike kringe kom dit langamerhand tot 'n waardering van liggaamsoefeninge. Die waardering groei, ofskoon uit woord en daad blyk dat alle verset nog nie gebreek is nie. Dit is al 'n groot stap voorwaarts dat in elk geval die liggaam vandag nie meer as pure sonde beskou word nie, maar as 'n „spraak van God“; meer en meer word dientengevolge gevoel en besef dat liggaamlike oefening vir die Christen 'n gebod moet beteken.

Gevolglik moet die Christen soek na die regte begrip van sy kultuur; dit is sy opdrag. Hy moet sy doel verstaan; hy moet 'n plek aan liggaamlike opvoeding deur korrekte onderskeiding toewys, die liggaamlike oefening in sy geheel in ooreenstemming bring met die Christelike lewensbeskouing.

Mag hierdie verhandeling in die besonder bydra tot verruiming van die kennis van 'n Christelike liggaamlike opvoeding, maar daarby in die algemeen ook tot bevordering van die wetenskap van liggaamlike opvoeding.

27) Krop : op.cit. , 450.

BIBLIOGRAFIE.HOOFSTUK I.

- Bogeng , G.A.E.: Geschichte des Sports aller Völker und Zeiten.
 Bouma , C. : De brieven van den Apostel Paulus aan
 Timotheus en Titus.
 Coetzee , J.C. : Die Moderne Opvoeding. n Histories-Kritiese
 Studie.
 - : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoed-
 kunde.
 - : Opvoedkundige Teorie en Praktyk deur die Ecuo.
 Krop , M.A. : Vreugde over de Schopping van het Lichaam.
 Landwehr , J.H.: Over de Ontwikkeling van het Ziektebegrip.
 Spencer , H. : L'Education intellectuelle , morale et
 physique.
 van Asch , J.C.: Gymnastiek gezien vanuit een Christelijke
 beschouwing omtrent de mensch.
 van Duyvendijk , P. en Visser , J.B. : Nieuwe Geschiedenis
 der Paedagogiek.

- Tydskrifte : De Lichamelijke Opvoeding. Orgaan van de
 Vereeniging van Leeraren en Onderwijzers in de
 Lichamelijke Opvoeding in Nederland.

 Gereformeerd Weekblad voor den Opbouw van het
 Gereformeerde Leven.

 (Onderwyshand vir Christelike en Nasionale
 Onderwys en Opvoeding. Orgaan van die Trans-
 vaalse Onderwysersvereniging , die Natalse
 Onderwysersunie en die Suidwes-Afrikaanse
 Onderwysersunie.)

HOOFSTUK II.

ENKELE ILLUSTRATIEWE GREPE UIT DIE GESKIEDENIS VAN DIE OPVOEDKUNDE MET BETREKKING TOT DIE DOEL VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDING

--.--

§ 1. Inleiding.

Die kennis van die geaardheid en die lewe van die ou kultuurvolke, veral van die volke wat nader aan die natuur gelê was, is vir die geskiedenis van liggaamlike opvoeding van die allergrootste betekenis. Dit is inderdaad van belang om gegewens te versamel omtrent die liggaamsbou, die liggaamshouding, die algemene gezondheidstoestand, die behendigheid, die daaglikse liggaamsarbeid, die oefening wat die liggaam hieruit ontvang, die spele (ook sportspelle) wat beoefen is, die verhouding van die arbeid tot ontspanning en die verhouding van dit alles tot die geestelike ontwikkeling. Uit al dergelike gegewens kan onder andere afgelei word wat die kultuurmens kortkom, wat die kultuurvolk mis, wat die gebreke was van die bepaalde volk op die bepaalde tydperk, en op dié manier kan mens die data nuttig aanwend by die uitstippel van die riglyne vir die huidige liggaamlike opvoeding. 1)

In die allereerste begin is daar vanselfsprekend geen sprake van die opsetlike liggaamsvorming nie. Dit is vir die bestaan dat arbeid nodig is 2), arbeid wat hom steeds in een of ander vorm van liggaamsbeweging moet omsit. Opvoedkundig gesien, beteken dit: „leer deur doen”; al spelende en al werkende leer die kinders om in hul eie onderhoud te voorsien. Die stryd om die bestaan van die mens is sterk, gesonde liggaam.

1) Vergelyk in dié verband die werk van Georges Hébert wat op sy reis as see-offisier geleentheid gekry het om „natuurvolke” (onder andere Senegalese) te bestudeer. Volgens die vergelyking van die natuur- en die kultuurlewe het hy sy vrywel oorspronklike metode opgestel wat genoem word: „naturelle, pratique et utilitaire”. Dit is geskik vir die skool en die leër, en kan individueel of klassikaal toegepas word. (Williams: Principles, 75; Claparède: Psychologie de l'Enfant, 63).

2) Heyn: Die Oudheid, 12.

Daarby kom die verskynsel dat die innerlike lewe hom ewe-
seer wil uit in liggaamsbewegings. Hoe primitiewer die volk ,
des te sterker vind mens hierdie verskynsel. Kultuur onderdruk
dit , en daarmee val 'n groot deel van die natuurlike liggaams-
beweging weg en die oefening wat daarmee gepaard gaan. In hier-
die verband dink ons aan die baie geleenthede wat die „natuur-
volke" het om uiting te gee aan die innerlike lewe soos : gods-
diens 3) , ritus , feestelike geleenthede , droewige gebeurte-
nisse , betekenisvolle voorvalle. Altyd is daar aanleiding tot
uiting van die gemoedsbeweging wat meesal die karakter aanneem
van 'n ontlading in liggaamsbewegings. 4) Uit die aard van die
saak het die dans hier steeds 'n vername rol gespeel. Die groot
gang van dood en lewe word hierin nageboots en uitgebeeld. 5)

Gloobaal beskou , is die liggaamsoefeninge van die „natuur-
volke" 'n deel van die lewe wat nie afsonderlik staan nie , maar
heeltemal een is met die gehele bestaan. In hierdie raamwerk het
elke volk sy eie eienaardighede , sy eie liefhebberye , eie
sport , eie dans , eie manier van oorlogvoer , en baie hang in
dié verband af van die klimaat , die geografiese gesteldheid van
die land , die aard en ontwikkeling van die volk , en so meer.
Ons sien dus in die liggaamsoefeninge by die „natuurvolke" òf
'n swaar arbeid met die doel : selfbehoud , òf voorbereiding vir
die oorlog , òf 'n suiwere uiting van die sielelewe in spel en
dans. 6)

Alle kultuur is beheersing deur vormgewing ; so ook die
kultuur van die liggaam. Hoe verskillend die inhoud van die
kulturele lewe mag wees , formeel vervul dit sy betekenis in
die bevryding van die mens van alle toevalligheid en van die
oorlewering aan die „wildheid" van kragte en magte in en buite
hom. Waar mens ook al beskawing vind , bestaan daar altyd lig-
gaamsopvoeding , en sodra daar by 'n volk van hoër kultuur sprake
is , word die liggaamsoefeninge met 'n min of meer bewuste be-
doeling bedryf. Voorbeelde hiervan vind ons in die geskiedenis
van : -

3) Bogong : Der Sport , I , 118.

4) van der Leeuw : Wegen en Grenzen , 21. 5) *ibid.* , 20.

6) Heyn : *op.cit.* , 13.

§ 2. Die Oudheid.

Een van die oudste volke wie se geskiedenis aan ons bekend is , is die Egiptenare. In die grafte (Beni Hassan) 7) vind mens talle afbeeldings van swemmende figure 8) , stoeiende groepe , balspelers , hardlopers en danseresse (met harpbegeleiding) ; hieruit kan wel deeglik die doel van die verrigtings afgelei word , naamlik om uit liefde vir en deur middel van sport te kom tot 'n liggaamskuns.

Beroemd , veral op die gebied van die sogenaamde heilgimnastiek , is die Sjinese. Die geskiedenis begin met Huang Ti in die jaar 2697 v.Chr. , ofskoon aangeneem kan word dat lank tevore die mense al nie meer in die bome geleef en hul met boomblare geklee het nie , dat hulle deur jag en visvang in hul onderhoud voorsien het en dat vuur aan hulle nie onbekend was nie. (Dr. Luang-Kwe Kiang: Die Leibesübungen im alten China). 9) Uit die oefeninge blyk dat daar al lank gelede 'n diepgaande anatomiese kennis bestaan het en reeds vroeg het mense in Sjina gepraat van „agt daaglikse , genadevolle oefeninge". Dit was eentonige reekse , maar het die bedoeling gehad om siektes te voorkom. „Genadevol" kan ook moontlik wys op die godsdienstige karakter , die erns waarmee die oefening gedoen is. 10)

By die Perse daarenteen was liggaamlike oefening 'n nasionale aangeleentheid; die doel was veral die voorbereiding vir die oorlog. 11)

In die mistieke beskawing van Voor-Indië vind mens 'n openbaring van die mag van die mens oor sy eie natuur. Die Yoga-kultuur (yoga - Joch , juk ; dit wil sê : onder tug stel van die afdwalende gedagtes) beoog om deur 'n jarelange beheersing van die liggaam selfs die vegetatiewe prosesse onder die mag van die wil te bring. Die Yoga stel tot doel die verbinding van die liggaamlike en geestelike ontwikkeling van die mens , waarby baie grade van volmaaktheid deurloop kan word. (Carl Diem :

7) Bogeng : op.cit. , I , 121.

8) kruipslag.

9) De Lichamelijke Opvoeding , Jrg.28 , No.4 , 73.

10) Bogeng : op.cit. , I , 119.

11) Hoyt : op.cit. , 14

Gymnastischer Dreiklang). 12) Die religieuse gimnastiek wat tans nog beoefen word , omvat drie stelsels wat 'n besondere volledige omvangryke en veelsydige geheel vorm. Die doel is lenigheid , ewewig , beheersing van kragte en daardeur die verworf van geestelike ruimte en wysheid.

Die Bybel sinspeel hier en daar op die sportbedrywighede 13) van die ou Jodedom. Bekend is ook die hoeveelheid reinigingswette , en dus sou mens die gevolgtrekking kan maak dat die doelstelling meer op higiëniese terrein gelê het. 14)

'n Meer bewuste doel met liggaamsoefeninge vind ons by die Grieke en die Romeine. Die spelkultuur van die Hellene , enig in sy soort 15), was nog steeds die moeite van bestudering word. Liggaamlike opvoeding het by die Grieke 'n meer belangrike plek ingeneem as in enige ander gemeenskap sedert dié tyd. Dit is die eerste keer in die geskiedenis van liggaamsoefeninge dat daar sprake is van 'n (en nog wel taamlik korrek) deurdragte sisteem. Die liggaamsoefeninge word beskou as 'n onmisbare deel van die opvoeding. Alsydigheid is 'n kenmerkende trek , ofskoon mens baie versigtig moet wees hoe jy die oefeninge van die Grieke prys. Hulle liggaamsoefeninge het 'n geskiedenis van tien eeue , 'n tydsbestek waarin alle denkbare fases van bloei en verval deur-gemaak is. Hierdie duisendjarige periode vorm 'n afgeslote geheel 16) waaroor die grootste Griekse geeste wat temidde van die ontwikkeling geleef en daarin die lewendigste belangstelling getoon het , hul beskouing gegee het. Daar is geen vraag oor doel , nut en waarde van die oefeninge wat die Grieke nie gestel en in die praktyk beantwoord het nie.

Die oefeninge word beskou as godsdienstige verrigtinge en heilige handeling 17); die vernaamste dryfveer is die hoër opvatting omtrent die mens as mens en as „die edelste skepsel.

12) De Lichamelijke Opvoeding , Jrg.28, No.8 , 184.

13) onder andere swemsport ; cf. Jesaja 25:11 , waaruit opgemaakt kan word dat die sogenaamde skoolslag in gebruik was.

14) Coetzee : Opvoedkundige Teorie en Praktyk , 12.

15) Verslag Congres '39 , 45.

16) Hecker en Heyn : Geschiedenis , 3.

17) Heyn : op.cit. , 20.

van God". 18) Die waarde van die mens word steeds meer gemeet volgens die praktiese nut en gebruik wat van hom gemaak kan word , en dit het die Grieke ook in hoë mate erken en op hul manier met liggaamsoefeninge en liggaamsveredeling in die nouste verband gebring. As verdere doelstelling vind ons 'n kragtige en selfbewuste nasionaliteitsgevoel 19) en voorbereiding vir die oorlog. 20) Ofskoon Plato wel die voordele van gimnastiek-oefeninge vir die krygsdiens aangetoon het , het hy gevind dat daarmee „slegs een van die baie goeie eienskappe en beslis nie die eintlike doel van die oefeninge" aangegee is nie. 21) Hy het meer waarde geheg aan die suiwer „ideale" gimnastiek-oefeninge , die oefeninge wat gedoen is sonder enige byoogmerk en slegs ter wille van die oefeninge self. In die loop van die Griekse geskiedenis het die doel verander van ideëel na materieel (verkry van roem en eer , geldelike beloning , ere-ampte). 22)

Die Romeine was baie meer prakties aangelê as die Grieke en in hoofsaak vertoon hulle gimnastiek 'n militêre karakter ; die doel was om goeie soldate te vorm. Later is dit ook gebruik om groot feeste op te luister. Nooit was daar enige verband met die geestelike ontwikkeling van die volk nie ; ewemin is die liggaamsoefeninge as opvoedingsmiddel beskou. 23)

§ 3. Die Middeleeue.

Die volk wat vanweë sy baie en goeie liggaamsoefeninge in hierdie tydperk genoem moet word , is die Germane. Hieromtrent kan mens iets te wete kom uit sages soos Beowulf en die Nibelungelied. Dit blyk dan dat die Germane 'n hoë verering gehad het vir manlike krag en dapperheid. 24) Die opvoeding van die ridder het so goed as heeltemal op die liggaamlike terrein gelê (kryg); oefening en ontwikkeling van die spierkrag was die vernaamste doel. Dit was die ridder se roem en trots om hierin

18) Hecker en Heyn : op.cit. , 5.

cf. Coetzee : op.cit. , 24.

19) Hecker en Heyn : op.cit. , 4.

20) ibid. , 6.

21) ibid. , 7.

22) Heyn : op.cit. , 19.

23) ibid. , 56.

24) Hecker en Heyn : op.cit. , 133 et seq., 169 et seq.

bo ander en alger uit te munt. Voortdurend is gesoek na 'n bekwaamheid wat hoogs nuttig was en tegelykertyd baie persoonlik.

In verband met ons onderwerp is dit gepas om meer breedvoerig die verhouding te behandel van die Christendom tot liggaamsoefeninge gedurende die Middeleeue.

Gedurig word die bewering gemaak dat die Christendom in die donker Middeleeue met hulle asketiese gestrengheid, religieuse beskouing, skolastiese, eensydige geestesvorming en kastyding van die vlees, elke natuurlike opwelling van die liggaamlike lewe in die kiem gesmoor het. Gewoonlik word hierby die bekende woord van Tertullianus: „Palaestrica diaboli negotium" aangehaal en daarmee die hele middeleeuse beskouing oor liggaamlike vorming samevattend gekenskets. 25) Voor alles is dit derhalwe noodsaaklik om die toenmalige standpunt van die nuwe geestesrigting, die Christendom, te verstaan.

Die antieke wêreld het sy rol klaar gespeel gehad; dit was klaar met die wonderlike tyd van die Grieke met hul hoë ideale, edele kuns, verhewe mensbeskouing. Die Romeine het van die liggaamsoefeninge 'n sirkus gemaak; arme slawe moes dit ontgeld. Sedeloosheid het hoogty gevier, veral in die hoër kringe. Op sosiale gebied was die verhouding van so 'n aard dat dit spanning verwek het. Die oorsaak tot wrywing het steeds opgehoop; al wat nodig was, was 'n klein vonkie sodat 'n groot ontploffing kon volg wat 'n end aan daardie toestande sou maak. Vir hierdie vonkie het die Christendom gesorg — die Christendom wat leer dat alle mense gelyk is in die oë van God, wat wys op 'n ander, salige lewe. Geen wonder dat die Christendom ingang vind by die armste onder die nasie nie. Vervolginge en folteringe maak die Christenbande onderling slegs inniger en hefter. Daar heers 'n ontsaglike nood en die ou gode kan die verlossing nie bring nie. Dit is dus tot die nuwe God wie se Seun as 'n arme, vervolgte mensekind na die aarde gekom het en hier geleef om die verlossingswerk te volbring, wat die mensdom hom rig om hulp en bevryding. Maar hierdie God staan in volkome

25) Bogeng: op.cit., I, 169.

teenstelling met die heidense godsgestalties wat nou volkome vernietig moet word. Hierdie vernietigingstryd word uitgebrei en met alle krag gevoer teen alles wat as heidens in wêreld- en lewensbeskouing, sedes en gewoontes die uitbreiding van die nuwe leer in die pad staan. Die reaksie is die omverwerping van die ou geesteslewe — alles van die heidendom word in hierdie stryd deur die Christendom weggevaag: ook die heidense liggaamsoefeninge val ten offer.

Die Christelike wêreldbeskouing neem stelling in teen die onsinnige, degenerêerde liggaamskultuur en in die hete stryd, wat nou volg, word na die ander uiterste oorgegaan: die kerk beskou die opvoeding van die gees, die verwaarloosde versorging en vorming van die siel van steeds meer en hoër belang en sien in dié verband die vorming van die liggaam as 'n hindernis. As gevolg wil die kerk van liggaamsvorming niks meer weet nie. Die dualisme wat nie net op hierdie gebied nie, maar ook in die kuns, filosofie en in die gehele wêreldbeskouing leef, word eenvoudig omgekeer en teenoor die in die oog van die Christendom volkome valse opvatting van menslike waarde en menslike bestaan word die reg van geestesvorming en sielsherstel van die innerlike mens met alle nadruk beklemtoon. Die gebruikelike, heidense verheerliking van die liggaam en die versorging daarvan doen die Christelike gees skade aan. Vandaar dat Tertullianus tot 'n dergelike uitspraak gekom het.

Die begrippe: geestesopvoeding en askese is in later tye tot die uiterste gedryf. Op fanatieke wyse het die mens die mees denkbare eensydigheid gehandhaaf en die geringste en onskuldigste uitwendige vreugde is as sonde beskou; selfkastyding en geseling tot bloedens toe was aan die orde van die dag. Monnike-orde is gestig en op die kloosterskole is al wat aards is, diep verag. Die mens is in sonde gebore en dit was plig en 'n groot verdienste om die sondige mens te dood en slegs vir die gees te lewe. Die hele aardse bestaan moes opgevat onkel en alleen as 'n voorbereiding vir die hemel. Dit het per slot van sake beteken: weg met gesondheid, lewensvreugde. 'n Gesonde,

goed ontwikkelde liggaam bring maar net sinlike opwellings te-
weeg. Strewe na liggaamsverswakking deur gebrek aan voedsel ,
lig , lug en beweging ; dan sal die siel beter gedy en die homel-
des te oerder bereik word. Die liggaam kan te gronde gaan ; die
Christendom ken geen heerlikheid van die liggaam nie , slegs die
ideaal van virginiteit en doding van die vlees. 26)

So sien ons die Christendom amper van die begin af die ver-
klaarde vyand van die liggaam en van alle sinlikheid. Dit kan
nooit onskuldig wees nie. Die geheim van alle skuld word in die
vleeslike begeerte gesoek ; die sonde plant dit as erfgoed oor
van die een geslag op die ander. 27)

Dit is die een beeld van die Middeloeue. Die ander beeld
is dat die Christendom , ondanks die askese en eensydige gees-
tesrigting , nie vermag het om liggaamsoefeninge buitekant die
kloostermure te onderdruk nie.

§ 4. Die Nuwe Geskiedenis.

Die periode wat die oorgang van die Middeloeue na die 19e
eue vorm , word gewoonlik aangedui met die naam Renaissance.
Die stande het verdwyn ; daar was 'n volkome verandering van alle
sosiale vorme en ekonomiese verhoudinge , van tegniek , van die
manier waarop die mens gehuisves was en daarmee het ook vir die
liggaamsoefeninge 'n nuwe tyd aangebreek. 28) Kenmerkend van
hierdie periode is die wye belangstelling in die ou Griekse en
Romeinse beskawing. 29) Die waarde van die lewe word weer erken,

26) van der Leeuw : op.cit. , 101.

27) ibid. , 100. Prof. van der Leeuw voeg hieraan toe : 'n Lewens-
beskouing wat die liggaam sku , kan die skoon beweging nie duld
nie ; 'n godsdiens wat die maagdelikheid bo alles verheerlik ,
haat die uitdaging van die liggaam wat hom beweeg (op.cit., 102),
en vervolg : dit spreek eweseer vanself , dat hierdie Christen-
dom nie die ware is nie. Die egte Christendom erken dat liggaam
en siel gelykelyk deur God geskape is , gelykelyk deur die be-
durf aangetas , gelykelyk deur Christus verlos is. Die egte
Christendom is allermens dualisties. Daarom is die denkbeeld dat
die beweging van die liggaam die heilige in die mens sou uit-
bring volgens Christelike norm net so dwaas of net so wys as dat
dit sou geskied deur die taal. Net so dwaas , omdat niks op die
wêreld by magte is om die heilichheid van God uit te druk nie ;
net so wys , omdat aan die mens die taak gegee is om God te ver-
heerlik met al sy mag ; net so dwaas , omdat die bedurf is in
alle menslike uiting ; net so wys , omdat die mens geskape is
na die beeld van God. (op.cit., 103)

28) Verslag Congres '39 , 47.

29) Buddingh : Overzicht Algemeene Geschiedenis , 91.

waarmee die sorg vir en die ontwikkeling van die liggaam 'n plok van belang kry. Spele en wedstrye word onder die volk bekend. Met die toenemende selfstandigheid, vryheid en welvaart van die burgers, die opkoms van die sogenaamde vierde stand, het die behoefte aan baie soorte ontspanning op die voorgrond getree, ook dié soorte wat voorheen slegs die voorreg van die aristokrasie was. 30)

Die stroming word met die algemene naam Humanisme aangedui, want alles word beskou uit die oogpunt van die mens. 31) Dit het begin met die benadrukking van die aardse waarde sonder om direk die hemelse te ontken. Laasgenoemde waarde ewewel kon langsaam hand gemis word. Dit het begin in die boesem van die kerk, maar die kerk is geleidelik meer en meer opsy geskuiwe. Beide die besef van onvolmaaktheid en die besef van skuld tree op die agtergrond: die mens het God nie meer nodig nie. Die idealisme verdwyn. Al ontken mens die goddelike nie, dit word wesenloos, 'n saak wat na hierdie lewe wel aan die orde kom. Die aarde is die terrein van die vreugde en leed, arbeid en plig van die mens.

Die Humanistiese opvoeders het amper alger oor die noodsaaklikheid van liggaamlike opvoeding geskrywe. Vittorino Rambaldoni da Feltre verdien om genoem te word. Sy doel met liggaamlike opvoeding was om die liggaam sodanig te dissiplineer dat gesondheid steeds aanwesig is, die ontberinge van die oorlog verdra kan word en die wapens met 'n gunstige resultaat hantoeer kan word. Op die sogenaamde harding van die liggaam word dus baie nadruk gelê. 32)

So is daar baie pedagoë wat min of meer onder invloed van die Humanisme gestaan het. 33) Mens kan die bewering maak dat verskillende van hierdie pedagoë meer direkte voorbereidende werk en sommige selfs praktiese werk vir liggaamlike opvoeding verrig het. 34)

30) Hecker en Heyn: op.cit., 164 et seq.

31) Brederveld: De Lichamelijke Oefening, 15.

32) Hecker en Heyn: op.cit., 200;
van Klinken: Hoofdlijnen, 138.

33) i.a.: Vergerius, Vegius, Sylvius, Philadelphus, Sadoletus, Savonarola, Guarinonius, Cardanus, Mercurialis, Rabolais, de Montaigne.

34) i.a.: Vegius, Sadoletus, Vives, Comenius, Camerarius.

Aan die einde van die Renaissance-periode kom daar onder die opvoeders 'n drang na 'n opvoeding wat meer met die eise van die werklikheid rekening sou hou 35), as gevolg waarvan hulle met die naam realiste aangedui word. Die Humanisme het hom bepaal beide by die gevoelens en die verstandelike of wilsy van die lewe. 36) Die opbloeit van die kuns, die ondersoek van die natuur, die ontdekking van die nog onbekende wêreld-dele het groot voldoening gegee. Eers het die mens nog 'n oog gehad vir die wonderbare van die lewe, en dit het gelei tot panteïstiese oorleggings. Die voortgaande natuurondersoek het die mag van die denke getoon en al spoedig het mense alles van die verstand verwag. Die verstand sou nie net elke raaisel oplos nie, maar ook die mens die weg wys om die lewe so volmaak moontlik in te rig. 37) Die opleiding van die individu vir aanpassing by die gemeenskap word weer benadruk en dit het tot gevolg gehad dat aan liggaamlike opvoeding ook 'n belangrike plek toegewys is.

John Locke gee in sy „Some thoughts concerning Education” 38) die doel van die opvoeding in die eerste plek aan as liggaamskrag, in die tweede plek sieledeugde en ten slotte kennis of geestelike besittings. Ongeveer 'n derde van sy werk handel oor liggaamlike gesondheid. Die weg wat Locke aanbeveel om tot liggaamlike welsyn te kom, is dié van gehardheid en dissipline van die liggaam. 39)

In Frankryk was dit die geneesheer Michel de Montaigne wat in die bres getree het vir liggaamsoefeninge as 'n onmisbare deel in die opvoeding. Die mens moet nie in twee dele, 'n liggaam en 'n siel, verdeel word nie; albei moet versorg word. So het Plato dit reeds gesien as 'n „tweespan aan de dissels”. 40) Die siel kan sonder die hulp van die liggaam nie klaarkom nie. Nie net die siel nie, maar ook die spiere moet dus gesterk word; die opvoedeling moet gehard word teen hitte en kou. 41) Beroemd

35) Coetzee : op.cit. , 161.

36) Brederveld : op.cit. , 15.

37) *ibid.*, 16.

38) van Klinken : op.cit. , 166.

39) Claparède : op.cit. , 42.

40) Hecker en Heyn : op.cit. , 201.

41) Coetzee : op.cit. , 166.

is sy uitspraak : „Ce n'est pas une âme , ce n'est pas un corps, c'est un homme , qu'on dresse".42) Sy „essais" is realisties-filosofies. 43)

Dit was die Humaniste wat die aandag op liggaamsoefeninge gevestig het ; die Filantropiniste egter het nou die daad by die woord gevoeg. Hulle neem alger liggaamsoefeninge in die leerplan van hul onderwysinrigtings op. Die eerste opvoeder wat liggaamsoefeninge by die skoolonderwys ingesluit het , was Basodow. Hy was die stigter en eerste leier van die Filantropinum te Dessau. Sy oefeninge is aan die Griekse gimnastiek ontleen. Volgens sy metode moes die kinders spelende leer en gesond en kragtig opgevoed word. 44) Doel van sy liggaamlike opvoeding is om aan die eise van die natuur en die natuurlike groei te voldoen. Die normale , liggaamlike opvoeding is meer belangrik tydens die jeugperiode as die geestelik-verstandelike opvoeding ; bowendien kan daar baie intellektuele en morele waarde geput word uit die verskillende spele.

As in die opvoeding die gedagte aan die eenheid van die mens deurgebreek het , kom dit ook die liggaamlike opvoeding ten goede. Dit is nou nie langer 'n opvoeding van die liggaam nie , maar 'n totaalopvoeding wat in die liggaam aangryp , die gehele mens egter ten doel het. Liggaamlike opvoeding kry dan deur hierdie beskouing ook meer betekenis ; waar dit gaan om die opvoeding van die geheel , daar mag nie 'n deel vergeet word en ander dele uitermate beklemtoon word nie. Dus sien ons dat die algemene opvoeding en die liggaamlike opvoeding as 't ware met mekaar deurvleg is.

Alle Filantropyne is kinders van die sogenaamde „Aufklärung" , wat nie wegneem dat daar nuanserings is in hul pedagogiese denkbeelde nie. 45) 'n Kenmerk van die Aufklärung is die geesdrif vir die pedagogiese stelling : i n k e n n i s s i t ' n opvoedende oerkrag. Ook is die mens van nature goed ; daarom moet dit 'n lus wees om die onderskeie beginsels uit te saai op

42) Williams : op.cit. , 174;Korpershoeft : Doel en Plaats ,66.

43) Hecker en Heyn : op.cit. , 201. 44) ibid., 208.

45) van Klinken : Diagnose , 23 et seq.

die akker van die menslike lewe.

Al spoedig het die terugslag gekom. Jean Jacques Rousseau het die onmag verkondig van die verstand wat die beskawing voortgebring het, en die heerskappy van die gevoel wat ons weer in kontak met die natuur bring. Die gevolg was 'n meer mistieke tydperk. 46)

Beperk ons ons tot liggaamlike opvoeding, dan kan ons opmerk dat Rousseau die idee gehad het van die aanhoudende groei van 'n onsigbare geheel van die geboorte tot die dood. Liggaamlike en verstandelike opvoeding is so innig verbonde dat dit moeilik is om te bepaal wanneer 'n aktiwiteit ophou om van liggaamlike waarde te wees en van verstandelike waarde word. 47) Rousseau se beskouings vertoon baie ooreenkoms met dié van Locke wat betref kleding, voedsel, slaap en algemene gehardheid. 48)

Van besondere invloed op die opvoeding was Pestalozzi. As hervormer van die opvoedingsstelsel het hy die aandag van geheel Europa getrek. Pestalozzi spreek van die vorming van hoof, hart en hand. Alle ontwikkelingsmoontlikhede en alle kragte van liggaam, gees en siel moet ontwikkel word; hulle ondersteun mekaar. Steeds word die ondeelbare eenheid van die mens beklemtoon; dit is die uitgangspunt van die opvoeding. 49) Die gang van die natuur mag nie versteur word nie, maar dit moet nagevolg word — 'n idee wat ons ook by Rousseau vind. Liggaamlike opvoeding neem 'n belangrike plek in die algemene opvoeding in. Doel is krag, behendigheid, uithou-vermoë, gehardheid, kortom beheer oor die gehele liggaam. Met sy gewrigsbewegings het Pestalozzi die anatomies-matematiese weg ingeslaan. 50)

Volgens Johann Friedrich Guths-Muths, 'n ander stigter en grondlêer van die moderne liggaamlike opvoeding, moet sowel die teorie as die praktyk van gimnastiek gebaseer wees op die kennis van fisiologie en ander mediese wetenskappe. 51) Die doel is om die liggaam en siel te versterk en te harmoniseer, die gehele

46) Brederveld : op.cit., 16.

47) Rousseau : Emile, 54 et seq.

48) ibid., 16.

49) Verslag Congres '39, 101.

50) Hecker en Heyn : op.cit., 221.

51) Sharman : Introduction, 36.

persoon te ontwikkel. Liggaamlike volmaaktheid bring selfvertroue en moed voort , en dit moet elke burger hê. Die natuur eis dat die groei en ontwikkeling van die liggaam eerste moet kom.

Met Guths-Muths word die eerste tydperk in die ontwikkeling van skoolgimnastiek en die metodiek afgesluit. Tydsomstandighede het die ontwikkeling gehinder ; dit was die tyd van die Franse oorheersing. Friedrich Ludwig Jahn het ewewel die volksturne gevestig ; die doel hiervan was om die Duitse jeug fiksheid te laat verkry en om dit ook sedelik op te hef. 52) Dit alles moes dien om die peil van die gehele volkslewe te verhoog ; alle Duitsers , ongeag hulle geloof , woonplek of stand , moes hierdeur verenig word. Hiermee het die turne 'n Duits-nasionale stempel gekry. 53)

Dit wil voorkom asof die triomfe van die tegniek in die 19e eeu opnuut die verstand op die troon gelaas het. Die mens verloor hom volkome in die laer waardes van alles wat nodig is om die lewe te onderhou en om dit so geslaagd as moontlik te maak. Die materialisme in teorie en praktyk beheers nou die veld. 54) In hierdie tyd maak die higiëniese rigting in liggaamlike opvoeding besondere opgang. Ling staan ongetwyfel aan die voorpunt van hierdie rigting. 55) Die vlakke anatomie en fisiologie oorheers alles. Dit gaan om die opvoeding van die liggaam , om gewigte , spiere en organe ; die prestasie tree op die agtergrond. Liggaamlike opvoeding word deur Ling georganiseer met wetenskaplik gegronde en kontroleerde metodes , en volgens 'n vaste plan word getrag om 'n vooraf opgestelde opvoedingsdoel te bereik.

Die doel van Ling se gimnastiek kan aldus omskrywe word : ontwikkeling van die menslike liggaam deur middel van doelmatig gekose oefeninge. Sy doel was dus nie spierkrag nie , nie in die eerste plek behendigheid nie , maar juiste liggaamsontwikkeling.

52) Hecker en Heyn : op.cit. , 227 et seq.

53) Williams : op.cit. , 167 et seq.

Sharman : op.cit. , 41.

54) Huizinga : Homo Ludens , 192.

55) Claparède : op.cit. , 33.

Hecker en Heyn : op.cit. , 251 et seq.

Sharman : op.cit. , 43.

Williams : op.cit. , 172.

Slegs dié oefeninge wat fisiologies vasgestel is en waarvan die waarde bepaal kon word op mediese grondslag, het in aanmerking gekom. Ling het op die gedagte gekom om gimnastiek nie net as 'n vormingsmiddel vir gesondheid nie, maar ook as 'n geneesmiddel in geval van siektes te gebruik, en hierdie laaste toepassing het ook weldra algemene belangstelling gewek. Al na gelang die mediese wetenskap vordering maak, bly daar ruimte vir nuwe beskouings.

§ 5. Die moderne tyd.

Ons het gesien dat in die loop van die eeue baie beskouings omtrent liggaamlike opvoeding, gimnastiek, sport en spel verkry is. Ons beskik tans oor 'n ryk en uitgebreide skat van ervarings, oordeelings, motiverings, beskrywings van werkwyses en resultate wat daaruit verkry is, formulerings van grondslae, doelstellings, begripsomlynings en waardebeoordelings in sosiologiese, pedagogiese, higiëniese, nasionale en militêre opsig. In ruime mate is praktiese ervarings en voorskrifte vasgelê en vir ons bewaar.

By dit alles kom tans die heeltemal moderne psigologie met sy opvattinge oor die betekenis van die liggaamlike in die totale wesenstruktuur van die mens. Hierdie psigologie steun die eise vir ruime liggaamlike oefening. 56) Die totaliteits-psigologie, in sy verskillende verskyningsvorme, laat mens beseef dat die opvoeding hom nie tot 'n paar menslike fakulteite en kwaliteite, tot die verstandelike en die morele kan beperk nie en dat ten slotte deur middel van die liggaamlike ook die geestelike struktuur gevorm en verryk word, en tot ontwikkeling kom.

Die ontstaan van ons tydsbeeld is ongetwyfeld baie ingewikkeld; vir die ontwikkeling van liggaamlike opvoeding as geheel in moderne betekenis kan mens egter drie oorsake duidelik aanwys. Dit is die romanties-humanistiese idee van die „mens“, die verbreiding van die Engelse 57) sport oor die Vasteland en die suiwer wetenskaplike opvattinge en maatreëls op medies-higiëniese

56) De Lichamelijke Opvoeding, Jrg.28, No.6, 143.

57) Huizinga : op.cit., 197.

en psigologies-pedagogiese gebied. 58)

Laat ons tans nog nagaan tot watter ontwikkeling of bloei die verskillende idees in die onderskeie lande gekom het.

Die Oostenrykse Skoolginnastiek. Hierdie sisteem het as doel : die opvoeding van die gehele mens met die liggaam as aangrypingspunt. 59) Die mens , en dus ook die kind , is vir hierdie sisteem 'n ondeelbare eenheid ; liggaamlike opvoeding is opvoeding wat uitgaan van die liggaamlike kant. Van die begin af moet die wil tot 'n gesonde lewenswyse gewerk word en daarmee is die suiwer pedagogiese instelling van Gaulhofer en Streicher bevestig. In die kind moet die juiste gesindheid ontwikkel word ; alle kennis van gesondheidsleer het geen nut as die innerlike bereidheid om daarvolgens te lewe nie aanwesig is nie. Hierdie wolkermak van die liggaamlike gewete is die ware opvoeding en gaan baie verder as 'n blote „inwerk op die liggaam“.

Volgens Kohnstamm (Persoonlikheid in wording, 61) is die sentrale probleem van die opvoeding die probleem van die gewetensvorming. As mens nou hierdie opvatting van die taak van die skoolginnastiek in higiëniese opsig vergelyk met die opvatting van die Sweedse ginnastiek (in hierdie stelsel word mos die higiëniese inwerking op sy sterkste na vore gebring) , dan spreek die Swede van inwerking op organe en spiere , terwyl die Oostenrykers trag om 'n higiënies-gerigte gesindheid op te wek. Die Sweedse ginnastiek trag om gesond te maak , die Oostenrykse om die wil tot gesondheid en die besef hoe mens die gesondheid kan verkry en behou , aan te kweek. 60)

Sowjet-Rusland. Volgens die Russiese opvattings vorm liggaamlike opvoeding 'n belangrike deel van die kommunistiese vormingsplan. 61) Hierdie vorming het 'n drieledige doel , naamlik : 'n politieke , 'n militêre en 'n industriële. Die liggaamlike opvoeding bevorder die vorming van 'n Marxistiese-Leninistiese lewensopvatting , gewoontes vir kollektiewe handelwyse vir die proletariese klasse en die internasionale saamhorigheid en vir

58) De Lichamelijke Opvoeding , Jrg.28, No.8 , 184.

59) ibid. , Jrg.25 , no.11 , 225.

60) Verslag Congres '39 , 35.

61) Williams : op.cit. , 179.

die organisasies van groot groepe van jeugdiges vir aktiewe deelname in die sosiale opbou. Die opgroeiende geslag moet klaargemaak word in en vir die politieke lewe en vir die aktiwiteit in die monopolistiese, maghebbende politieke party. Daar behoort 'n absolute eenheid te bestaan; persoonlike insigte en oortuigings van ouers en onderwysers, die materiële en geestelike hoogte van elke sosiale milieu afsonderlik mag op geen enkele manier mede beslis oor die toekomstige maatskaplike lot van die jong mens nie. En so word ook die liggaamlike opvoeding in maatskaplike vorming in kommunisties-politieke betekenis.⁶²⁾ In diens van die militêre voorbereiding beoog die liggaamlike opvoeding die ontwikkeling van die psigo-tegniese eienskappe en praktiese militêre gewoontes en wat industriële vorming betref, bevorder liggaamlike opvoeding die politegniese opvoeding en dring dit deur tot die algemene kultuur-werk en praktiese, produktiewe arbeid.

Tsjeggo-Slowakye. Die sogenaamde Sokol-beweging, gestig deur Miroslav Tyrš, is 'n vereniging met 'n opvoedkundige doel wat gerig is op die ontwikkeling van alle fisieke, morele en intellektuele kragte van die hele nasie en wat gelyke waardes toeken aan al die kragte, verenig tot een harmoniese geheel.⁶³⁾

In liggaamlike opvoeding sien die Sokols die middel om die doel te bereik. Dit moet multilateraal wees en hom rig op die ontwikkeling van alle bewegingsorgane, van alle organe tot 'n volkome opbrengs van die vitale funksies en op die juiste spiersaamwerking. Tegelykertyd moet daar 'n ruim plek wees vir die estetiese element; rekening moet gehou word met liggaamlike skoonheid en prestasie, en daar moet ingewerk word op die gees. Die liggaamlike opvoeding moet hom besig hou met die morele element (bevordering van 'n morele persoonlikheid) en 'n faktor wees vir sosiale verbetering. Die liggaamlike opvoeding strek hom uit tot alle klasse van die bevolking sonder onderskeid van rang, stand, leeftyd en geslag (algemene portêe).

Alles word gedoen uit nasionaal-ekonomiese, eugenetiese,

62) De Lichamelijke Opvoeding, Jrg.27, No.14, 356 et seq.

63) ibid., Jrg.26, Nos.19/20, 414 et seq.

weerbaarheid-opvoedkundige en kollektief-opvoedkundige oorwegings. Die direkte doelstellings wat hierdie liggaamlike opvoeding nastrewe, is : die versterking van die individuele gesondheid, die vorming van wilskragtige mans en vrouens, die samesnoering van individue tot goeie en nuttige arbeid, die leer om te werk vir en in die maatskappy, die bekwaammaking om gesonde en sterk gesinne te stig, die vergroting van die weerbaarheid en die bevordering van die skoonheidsgevoel. Die sisteem is gebaseer op die organiese ewolusies. Tyr's gaan nie uit van die anatomie of fisiologie nie, maar van die aard van die oefeninge self. Die gimnastiek word deur alle vertakkinge van sport en spel aangevul. Beweging is die fundamentele element. Soos so dikwels die geval is, is ook hier weer die onderwys gerig op die vervolmaking van die mens beide op morele en op liggaamlike gebied, maar dan nie net van die mens as individu nie, maar as lid van die menslike samelewing. Slegs 'n groot veelvoudigheid van oefeninge kan die voorgestelde doel bereik.

Groot waarde word gehog aan die ontwikkeling van die wil -- 'n wil wat bereid en in staat moet wees om hindernisse te bowe te kom. Die sisteem is bedoel as kompensasio teen die unilaterale intellektualisme. Die individu is niks nie, die kollektiwiteit alles. Slegs dié nasie kan hom met sukses handhaaf waarvan elke individu homself onderwerp met selfopoffering en altruïsme aan die behoeftes van die hele samelewing. Die motto van die Sokols lui : „Laat jou hart klop vir jou Vaderland, en het 'n sterk arm”.

Engeland. Hierdie land behoort ook tot die lande wat so 'n uitsonderlike posisie inneem. Dat dit opstaal vermeld moet word. Die Engelse besit 'n kragtige en selfbewuste nasionaliteitsgevoel in besondere mate. Hierdie gevoel het danksy die hoë peil hul „sport” tot 'n ontwikkeling gebring, wat alle volke tot voorbeeld gestrek en navolging geprykket het. 64) In Engeland is nie gimnastiek nie, maar spel die ruggraat van liggaamlike opvoeding. Tog het Engeland met al sy sport nie vrygebly van die teorie en praktyk van liggaamsoefeninge soos aangetref op die

64) Huizinga : In the Shadow of to-morrow, 154.

Vasteland nie ; ook aan gimnastiek is daar 'n dringende behoefte gevoel. 65)

Archibald Maclaren waarsku teen die veelvuldige beoefening van spele op grond van eensydigheid. 66) Skool- en sportspele is ontspannend , sistematiese liggaamsoefening egter opvoedkundig. By die doelstelling van liggaamlike opvoeding (Board of Education , '33) is rekening gehou met nasionale eienaardighede , klimaat en fasiliteite. Die gehele opvatting van liggaamlike opvoeding is ruim , en as aanvulling van gimnastiek het baie ontspanningsaktiwiteite soos spele , swem , atletiek , uitkamp , volksdanse en skoolreise 'n belangrike plek. Ook aan die higiëniese en sosiale aspekte is groot oorweging gegee. Veral aan die vorming van die karakter word baie aandag geskenk. 67) Elke kind moet die skool verlaat met 'n gevestigde en korrekte houding , 'n spierstelsel wat goed gekoördineer en gekontroleer is en 'n gesonde werking van alle lewensbelangrike organe. Hy moet 'n goeie gebruik weet te maak van sy vrye tyd ; die middels daartoe het hy tydens sy opleiding ontvang. Sy uithylding op die lewe moet baie gesond wees.

Amerika. In die Verenigde State kan van baie Europese rigtings verteenwoordigers gevind word. Die doelstellings lê in die meeste gevalle op suiwer liggaamlike gebied : ontwikkeling van liggaamskragte , versterking van die konstitusie , verbetering van die algemene gesondheid en dergelike.

'n Uitsondering vorm die Young Men's Christian Association, wat ook op die gebied van liggaamlike opvoeding goeie werk gedoen het. 68) Die jongste doelstelling is aldus geformuleer : om deur middel van oefening , ontspanning en opvoeding die hoogste liggaamlike , geestelike en morele nuttigheid by mans en seuns te ontwikkel , eienskappe wat dringend noodsaaklik is by die ontwikkeling van die beste tipe kragtige , Christelike mens. Die onmiddellike doelstelling is : gesondheid , beheer oor die

65) De Lichamelijke Opvoeding , Jrg.25, No.9, 195.
cf. die "Keep-fit"-beweging.

66) Hecker en Heyn : op.cit. , 305.

67) De Lichamelijke Opvoeding , Jrg.25, No.9, 195 et seq.
Verslag Congres '39 , 110.

68) Sharman : op.cit. , 46.

senu-spier-apparaat , selfbeheersing , eerbied vir die regte van ander , 'n skoon lewenswyse en moraliteit.

Die „Commission on the Reorganization of Secondary Education" het die volgende doelstellings van die opvoeding in die algemeen as „Cardinal Principles" opgesom:69)

- a gesondheid ,
- b beheer oor fundamentele prosesse ,
- c waardige gesinslewe ,
- d waardige beroepslewe ,
- e waardige burgerlike lewe ,
- f nuttige gebruik van vrye tyd ,
- g karaktervorming.

Die liggaamlike opvoeding kan baie bydra tot die bereiking van die meeste van hierdie beginsels. Die ervarings van elke individu moet dermate beïnvloed word dat hy - binne die perke van sy vermoë - gehelp word om met sukses homself aan te pas by die gemeenskap , om sy behoeftes te vermeerder en te verbeter en om die vermoë te ontwikkel om aan sy behoeftes te voldoen.

Suid-Afrika. In die dertiger jare van hierdie eeu is die Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding in die lewde geroep met die doel om die ontwikkeling van liggaamlike opvoeding vir alle leeftye te koördineer en te stimuleer. Een van die eerste take was om 'n keuse te doen van 'n stelsel van liggaamlike opvoeding. Tot dusver was daar nie 'n erkende stelsel of leerplan nie ; baie aandag is gevolglik gewy aan die formulering van 'n eenvormige stelsel van liggaamlike opvoeding. Met die verskyning van die leerplan is die fondament gelê van 'n „gesonde nasionale stelsel van liggaamlike opvoeding". 70) Die hoop word uitgespreek dat daar oerlank 'n stelsel tot stand gebring sal word wat by die Suid-Afrikaanse toestande sal aanpas. Die doel van die liggaamlike opvoeding is die opbou van 'n sterk en gesonde Suid-Afrikaanse volk. Die onderwys in liggaamsoefeninge is 'n afgeronde samestelling van talryke , sorgvuldig gekose liggaamsbewegings wat opklimmend in moeilikheid gerangskik is en trapsgewyse onderwys word. Die bedrywighede wat vir die doel gekies is , is dié wat die hoogste resultate oplewer ter bevordering van gesondheid ,

69) Sharman : op.cit. , 63.

70) Nasionale Adviserende Raad : Leerplan vir Liggaamlike Opvoeding , Senior Book I , iv.

alsydige ontwikkeling , koördinasie tussen senuwees en spiere , karaktervorming en bekwaammaking van die mens vir sy lewenstaak in die breë sin van die woord. 71)

In sy inaugurele rede gehou by die aanvaarding van 'n professoraat in die Fakulteit van Opvoedkunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys , het dr. Smith die sewe Amerikaanse kardinale oogmerke van die opvoeding as basis van bespreking geneem en nagegaan watter bydrae die liggaamlike opvoeding tot elkeen kan lewer. 72)

Ook in Nederland word in hoofsaak nadruk gelê op die biologiese noodsaaklikheid en betekenis van liggaamlike opvoeding. Dit het as gevolg van baie ondersoekingswerk geblyk dat gimnastiek in die liggaamlike opvoeding onmisbaar , ja van fundamentele betekenis is en nie verdring of vervang mag word deur spel , atletiek- en sportvorme nie. 73) Naas die biologiese bestaan daar ook die higiëniese , praktiese , psigologiese en ontspanningswaardes van liggaamlike opvoeding.

§ 6. Samevatting.

'n Harmonieuse samewerking en wederkerige steun van die liggaamlike en geestelike sfeer gee die skoonste waardes en grootste lewenskrag. 74) Dit laat die mens 'n juiste waarde-bepaling in en vir homself opbou en tot grondslag maak van sy bestaan. In die opvoedeling moet alle krag ontwikkel word , sodat die een die ander sal steun en dien. Die liggaamlike opvoeding is onmisbaar en kan pedagogies belangrike resultate oplewer , ook daar waar dit suiwer op die liggaam werk , waar-toe die werking egter nie beperk bly nie.

•Ons sien dus dat daar op hierdie gebied 'n groot verskeidenheid doelstellings is. Nie net die waardering van liggaamlike opvoeding , die plek en die taak daarvan nie , maar ook die manier van beoefening word bepaal deur die mensbeskouing.

Is mens opvoedkundig besig , dan is jy doelgerig besig ; mens ontkom nie daaraan om kleur te bekens nie. 75)

71) Nasionale Adviserende Raad : op.cit. , 1.

72) Smith : Doel en Plek , 4 et seq.

73) De Lich.Opv., Jrg.27, No.21 , 475. 74) ibid. , 482.

75) van Asch : Gymnastiek , 13 ; van Klinken : op.cit. , 9.

By die oorsig van die onderskeie doelstellings is steeds die verband opgemerk tussen die heersende lewens- en wêreldbeskouing en die praktyk van liggaamlike oefening. Baie dikwels ogter vind mens op hierdie terrein die verheerliking van die mens.⁷⁶⁾ Die gevolg daarvan is meestal die teenoorgestelde, naamlik die veragting van die mens. Dit is in stryd met die Christelike wêreldbeskouing. By alle doelstellings wat ons nagegaan het, vind ons geen woord hieromtrent nie, selfs nie by die Y.M.C.A. nie.

Een gunstige uitsondering hierop vind ons, en wel by die „Nederlandsche Christelijke Gymnastiek Verbond“; hierdie organisasie is steeds opvoedkundig besig, derhalwe doelgerig. Die kleur is bekent: die grondslag van die vereniging is die Heilige Skrif as die volmaakte, onfeilbare, deur die Heilige Gees ingegewe Woord van God. Die vereniging aanvaar die grondslag as rig-snoer van al sy arbeid.⁷⁷⁾ Die doel is nie net die bestudeer van die wetenskap van liggaamlike opvoeding nie, maar ook die bevordering van die liggaamlike opvoeding, beide in die skool en daarbuite, wat rekening hou met die beginsels, statutêr neorgelê.

Liggaamlike opvoeding gee in homself aanleiding tot 'n nuwe samewerking tussen teorie en praktyk. Dit vra die aandag vir die verskillende kante van die lewe — die persoonlike en sosiale, die somatiese en die psigiese. Mens moet ogter daarby ook in die oog hou die meer as psigiese, die geestelike, die hoër vraagstukke van die lewe. Goeie liggaamsversorging het groot invloed op alle moontlike menslike werksaamhede, ook die geestelike; die doel mag ogter nie daarin opgaan nie. Op dié manier neem liggaamlike opvoeding slegs 'n sekondêre plek in en bly daar van 'n positiewe eis nie baie oor nie. Dit is daarom van die eerste belang om, wil mens tot 'n fundamentele doelstelling kom, na te gaan wat God Self ons openbaar omtrent die wese van die mens. Daartoe word in 'n volgende hoofstuk allereers beskouinge omtrent die mens, beide op suiwer humanistiese as op Protestants-Christelike grondslag, meer breedvoerig uitgewerk.

⁷⁶⁾ Broderveld: op.cit., 21.

⁷⁷⁾ den Boeft: Waarom Lichamelijke-Oefening?, 28.

BIBLIOGRAFIE.HOOFSTUK II.

- Bogeng , G.A.C.: Geschichte des Sports aller Völker und Zeiten.
 Broderveld , J.: De Lichamelijke Oefening in het licht der Christelijke Levensbeschouwing.
 Buddingh , D. : Overzicht der Algemeene Geschiedenis der Opvoeding en van het Onderwijs.
 Claparède , Ed.: Psychologie de l'Enfant et Pédagogie expérimentale.
 Coetzee , J.C. : Opvoedkundige Theorie en Praktijk.
 den Boeft , F.A.: Waarom is Lichamelijke-Oefening den Christen geboden ?
 Hecker, W.A.A. en Heyn, A.C. : Geschiedenis van de Lichaams-oefeningen van de Oudheid tot heden.
 Heyn , A.C. : Beknopt overzicht van de Geschiedenis , Stelsels , Methoden en Aesthetische Stroomingen der Lichaams-oefeningen. I. De Oudheid.
 Huizinga , J. : In the Shadow of to-morrow.
 - : Homo Ludens. A Study of the Play-Element in Culture.
 Jan Luiting Fonds No.13 : Verslag van het eerste Nederlandsche Congres voor Lichamelijke Opvoeding. 1939.
 Korpershoek , J.M.J. : Doel en Plaats der Lichamelijke Opvoeding onder de huidige Cultuuroomstandigheden.
 Nasionale Adviserende Raad : Leerplan vir Liggaamlike Opvoeding, Senior Book. I.
 Rousseau , J.J.: Émile ou de l'Éducation.
 Sharman , J.R. : Introduction to Physical Education.
 Smith , D.P.J. : Die Doel en Plek van Liggaamlike Opvoeding in die Opvoedingsprogram.
 van Asch , J.C.: Gymnastiek gezien vanuit een Christelijke beschouwing omtrent de mensch.
 van der Leeuw, G.: Wegen en Grenzen. Studie over de verhouding van Religie en Kunst.
 van Klinken , L.: Een Diagnose van de Hedendaagse Schoolziekte.
 - : Hoofdpijnen en Hoofdpunten van de Opvoedkunde.
 Williams, J.F. : Principles of Physical Education.

Tydskrif : De Lichamelijke Opvoeding. Orgaan van de Vereeniging van Leeraren en Onderwijzers in de Lichamelijke Opvoeding in Nederland.

HOOFSTUK III.

VERSKILLENDE MENSBEKOUINGE.

--- --

§ 1. Inleidend.

In 'n vorige hoofstuk het ons gesien dat die waardering van liggaamlike opvoeding afhanklik is van beskouing in verband met die mens. Die beskouing bepaal tewens die plek, die taak en die manier van beoefening. 1) Liggaamlike opvoeding kan nie losstaan van 'n lewensbeskouing nie; dit moet op duidelike beginsels berus. Dit is derhalwe steeds van belang om te kom tot 'n mensbeskouing wat goed omskrywe is en vandaar tot 'n opvoeding wat net so goed oorweeg as doelgerig is, 'n opvoeding waarin - soos sal blyk - liggaamlike opvoeding 'n plek sal moet inneem.

Om tot 'n beskouing te kom, is kennis 'n eerste vereiste. Kennis moet geneem word van die noodsaaklike verhoudinge wat die mens verbind met die heelal, met sy medemens, met sy eie innerlike en ook van die verhoudinge tussen sy woefels en sy goos.

Die omgewing waarin die mens lewe is as gevolg van die enorme vooruitgang op wetenskaplike gebied in die afgelope eeu ingrypend verander. Die moderne lewe eis minder selfbeheersing, tug, inspanning en alles wat ongemaklik en vermoed is as vroeër. 2) Die gevolg hiervan is dat die weerstandvermoë tans ook geringer is, veral die geestelike weerstandvermoë. 3) Teen alle moontlike kwale van die liggaam het die mens die bestrydingsmiddels in die meeste gevalle met gunstige resultate uitgedink en toegepas; infeksiesiektes word beheer. Daarenteen neem degeneratiewe siektes, stoornisse van die sensustelsel en goos al meer hulle plek in.

Tog kan ons praat van die „homo insipiens“. Nog nooit het die mens geweet wat hy nodig gehad het om te weet nie. 4) Die man van die wetenskap het geslag op geslag sy intellektuele

- 1) van Asch : Gymnastiek, 12.
- 2) Carrol : Man, the Unknown, 13.
- 3) Jung : Psychologiese beskouing, 236.
- 4) Ortega y Gasset : Zelfinkeer en verbijstering, 32.

arbeidsveld steeds meer beperk en ingekort. 5)

Daar heers nog steeds 'n gebrek aan „mens“-kennis. Die wetenskap het alle gebiede van die lewe buite die mens ondersoek ; die mens self egter is daarby vergeet. 6) Daarmee is ons tans „victims of the backwardness of the sciences of life over those of matter“. 7)

'n Studie van die mens is maar al te dikwels 'n deel-studie ; as gevolg van die ingewikkelde aard van die saak kom mens nooit tot 'n totaal-studie nie. Eensydige spesialisering is aan die orde van die dag : Snydokters wat galblase verwyder , maar van die lewer so goed as niks weet nie 'n Deurgevoerde spesialisasie is 'n groot gevaar ; slegs dié onderdeel waarmee mens besig is , word gesien en daar is 'n neiging om die geheel waarvan die onderdeel deel uitmaak , uit die oog te verloor. 8) Mens moet nie te gou dink dat mens alles verklaar het of kan verklaar , of dat met analise en uiteenlegging in dele die „geheel“ volkome verstaan word nie. Dit is juis die kragte wat die „Geheel“ - veral die Lewende of die Lewe - vorm , wat verborge bly. 9)

Alle aspekte van die mens moet volgens analities-sintetiese metode bestudeer word as mens tot 'n volledige kennis wil geraak. Hier word gedink aan die fisiko-chemiese , anatomiese , fisiologiese , metafisiese , intellektuele , morele , artistieke , religieuse , ekonomiese en sosiale aspekte. 10) Eers dan sal daar ewewig kom in die belangstelling van die wetenskap in die innerlike aspek (die mens self in sy houding teenoor homself , die ander mense en die kultuur wat hy voortgebring het) en die uitwendige aspek van die beskawing (tegniek , ons.). 11)

Dat die positiewe en ononderbroke vooruitgang op wetenskaplike en filosofiese gebied - reeds sedert die 17e eeu - vernameklik op die natuurwetenskaplike terrein gemaak is , is

5) Ortega y Gasset : Opstand der horden , 110.

6) Carrel : op.cit. , 16.

Feber : Mensch en Humanisme , 46.

7) Carrel : op.cit. , 39.

8) ibid. , 54.

Ortega y Gasset : Opstand der horden , 110 et seq.

9) Boasson : Bestemming van de Mens , 18.

10) Carrel : op.cit. , 47.

11) Toynbee : Study of History , 43 et seq.

h gevolg van die onmiddellike tegniese toepassing van die nuwe ontdekkings. 12) Mens kan vandag nog steeds vooruitgang bespeur. Aan die einde van die vorige eeu , byvoorbeeld , het dit gelyk asof die struktuur van die menslike kennis amper sy toppunt bereik het. Vandag beskik ons oor h terminologie in verband met fisika , chemie , filosofie , psigologie , taalkunde , om slegs h paar te noem , met woorde en begrippe wat veertig jaar gelede nie eers bestaan het nie.

Ons kan die vooruitgang op kulturele gebied nie anders as toejuig nie , veral en in sover as dit kan bydra tot heil van die mensheid , boweal tot eer van die Alwyse. Ook kultuur vereis h sekere ewewig van geestelike en stoflike waardes. 13) In sy betekenis lê egter die mees tipiese kenmerk : beheersing van die natuur. Die mens het homo faber geword en nou kan hy die natuur beheer. 14) Maar beheer hy daarmee die menslike natuur ook ? Beheersing van die menslike natuur kan slegs die beheersing van elke man deur homself beteken. 15) Vanselfsprekend lê die bereiking hiervan buitekant sy vermoë , maar dit neem nie weg nie dat daar ongetwyfeld h beter verhouding moet kom en bly tussen die mens se beheersing van homself en sy uitgebreide , toenemende beheer oor die fisiese natuur..

Steeds tref mens by die mens h neiging aan om homself te ontvlug ; daar is baie in die mens wat hom teen die ontdekking van homself verset. 16) Die weg tot selfontdekking word vir die mens eers oppgestel as die oorspronklike , sogenaamde naïef-indifferentisme waarin nog nie met bewussyn binne- en buite-wêreld , subjek en objek teenoor mekaar gestel word nie , versteur is. Die karakter van ons tyd kan baie tot hierdie omswaai bydra. 17)

- 12) Huizinga : *Shadow of to-morrow* , 40.
 van der Roep : *Geestelike vrijheid* , viii.
 13) geestelike waardes : i.e. spirituele , intellektuele , morele , estetiese ; ook tussen hierdie gebiede onderling moet h sekere ewewig of harmonie bestaan , as daar van die begrip kultuur sprake kan wees.
 14) Huizinga : op.cit. , 25.
 15) ibid. , 32.
 16) de Sopper : *Dwaalwegen* , 6.
 17) loc.cit.

Een van die belangrikste vrae wat die mens kan stel , is :
 „Wat is die mens ?" Die sin , die waarde van ons denke , gevoel , wil , handel is afhanklik van die antwoord op hierdie vraag , en dit is beslissend vir ons lewenshouding , vir ons houding teenoor onself en ons medemense ; dit bepaal die wyse waarop ons die mens sal waardeer en behandel. 18) Waar die eerste belangstelling van die mens dus uitgaan na die wêreld wat hom omring , na die objek , so moet tans na die ontdekking van homself die mens se aandag gerig word op die subjek (filogeneties). Die denke wat kosmosentries was , word nou antroposentries. In drie vrae kan dan die essensiële saamgevat word : dit gaan om : -

a wat kan ek weet ?

b wat moet ek doen ?

c wat mag ek hoop ? (Kant) 19) Die tipies klassieke antwoorde op hierdie vrae en tegelykertyd ook op die vraag : wat is die mens ? is , afgesien van alle nuanserings , vertakings , oorgangs- en mengvorme : -

a die antwoord van die materialistiese naturalisme :
 die mens is in wese TOESTEL ;

b die antwoord van die vitalistiese naturalisme :
 die mens is in wese DIER ;

c die antwoord van die idealistiese panteïsme :
 die mens is in wese GOD ;

d die antwoord van die Christelike teïsme :
 die mens is in wese SKEPSEL EN BEELDDRAER VAN GOD.

Die drie antwoorde a , b en c (a en b is in wese ateïsties) lê op die humanistiese , antwoord d op Christelike gebied.

§ 2. Die Humanistiese Mensbeskouinge.

Die antropologie , die leer omtrent die struktuur van die menslike bestaan , vorm 'n baie belangrike gedeelte van die wysbegeerte. Hierdie leer staan hedendaags meer in die middelpunt van belangstelling as voorheen. Allereers word die aandag gevra vir die verhouding tussen liggaam en siel in die eenheid.

18) de Sopper : op.cit. , 5.

19) ibid. , 9.

van die menslike bestaan. Buite die lig van die Heilige Skrif om is die volle waarheid hieromtrent egter nie te vind nie. Tog bestaan daar 'n groot aantal teorieë in die Wysgerige Antropologie wat dagteken van die Grieke af, oor die Middeleeue, Spinoza, Ewolusie, met alle sekerheid van oplossing van die probleem, tot aan die ontroddering van die teenswoordige mens: die Eksistensieteorie.

By 'n vergelyking en kontrastering van die ewolusionistiese, humanistiese en Calvinistiese beskouing is een van die grondprobleme die onderskeid tussen a mens en dier en b mens en God. Die ewolusionistiese beskouing sê dat die mens 'n meer ontwikkelde dier is, terwyl die humanistiese beskouing die mens sien as 'n goddelike wese; die Calvinistiese beskouing laat die mens 'n tussenposisie beklee, naamlik tussen goddelik en dierlik. Met die vraag of die mens 'n goddelike wese is, kom ons dus op die terrein van die Humanisme. 20)

20) Die Humanisme kan opgevat word as 'n beweging in die vroeg-moderne tyd; die terugkeer tot die klassieke oudheid, die self-vind van die mens, in prototipe, in Griekse literatuur.

Volgens Bolloc (Characters of the Reformation) vorm die worateling tussen die Katolisisme en die Protestantisme om die mag oor die Europese gees die "Leitmotiv" van Europa se geskiedenis sedert die dae van die Hervorming. Daar is sedertdien 'n verskynsel opgemerk, hoogs bedenklik vir die verdere ontwikkeling van die Europese gees: die belangstelling van vroeër in die geestelike en dogmatiese geskildpunte, waaromheen vier eeue gelede die stryd ontbrand het, bestaan nie meer nie. Stryders het Kerk en Hervorming die rug toegekeer en vind mekaar op die terrein van 'n godsdienslose Humanisme.

Die Hervorming sou hiertoe dus as die moeder van die Humanisme in die algemeen en van hierdie Humanisme in die besonder as wêreldbeskouing en lewensleer beskou word. Die paganisties ingestelde Humanisme het egter reeds voor die Reformasie opgekom. Hierdie heidense variasie op die tema van die Humanisme beantwoord nie aan die ideaal, wat die groot pioniers eeue gelede voor oë gehad het nie. Dis noodlottig vir mens en mensheid en weerstrewe selfs die bedoelings van hulle wat die Humanisme in later tyd antroposentries gerig het en hul die aardse welsyn en die aardse glorie van die mens as opperste doelwit gestel het. (Feber: op.cit., 23) Nie as gevolg van die Humanisme as sodanig dreig dus die mens om te gronde te gaan nie, maar wel weens die ontaarding daarvan. Nie in die Humanisme as sodanig lê die dodelike gevaar opgesluit wat mens en mensheid bedreig nie, maar in die antroposentriese doelstelling daarvan. Ewig is die mens humanis en ewesoer ewig is hy onderhewig aan die verleiding om hom van God af te wend, homself ten doel te stel, hom in die plek van God te plaas. (Feber: op.cit., 37).

Onder Humanisme verstaan ons in hierdie geval die beskouing ~~aangaande~~ die mens in alle tye ; alles wat aan die mens meer toeken as wat aan die mens toekom. Dit is 'n teoretiese oordrywing waardeur aan die mens goddelike eienskappe toegeken word. Die laaste instansie , bepaling , beslissing , ensovoort word in die mens gesoek.

Die (heidense) Humanisme verheerlik die natuur , die self, mens , wêreld , as God. 21) Nietzsche het gemeen om die mens te kan verhoef deur God dood te verklaar en op dié manier die mens op te dryf tot sy bo- of oppermenslike moontlikheid. Hier dreig die ydele gedagte dat die mens die uiterste slegs kan bereik deur selfbestending en selfdeursetting.

Die Humanisme kan in verband met ons onderwerp onder andere 22) wees :-

a Liberalisties : uit/deur/tot die mens as individu is alle dinge ; bo die mens is daar niks nie ; met ander woorde , vir die liberalisme is die mens die bousteen van die menslike samelewing. Die mens is 'n aparte , selfstandige grootheid ; alles moet volgens hom gemeet en verklaar word. As individu is hy 'n redelik-sedelike wese. In sy redelikheid wortel sy soewereiniteit. Hy dink vir homself , vorm sy eie oortuigings , gebruik sy wil en bepaal sy eie lewenslot. Hierin is hy net aan homself verantwoordelik. Hy gehoorsaam wette net omdat hy wil. Die strewende is na die grootste moontlike geluk van die grootste moontlike aantal individue. Daarom moet 'n "laissez-faire"-politiek gevolg word. 23) Die suiwere mededinging moet die lewenspeil van die individue uiteindelik verhoog , want die doelwit is 'n samelewing van supermense. Die liberalisme hou altyd aan sy grondbeginsels vas , naamlik die hoë waarde , soewereiniteit , gelykheid , vryheid , goedheid en die gesonde mededinging van individue.

b Pragmaties , d.w.s. Pragmatisme in individualistiese sin ;

21) de Hartog : Modern Heidendom , 110.

22) Daar is baie meer vorme van Humanisme , soos die rasionalistiese , voluntaristiese , idealistiese , totalitaristiese Humanisme ; ons het gemeen om slegs dié vorme te behandel wat in direkte verband met ons onderwerp gebring kan word.

23) Ortega y Gasset : op.cit. , 113.

die mens as individu is nuttig. (Die Amerikaanse filosowe leer 'n individualistiese sowel as 'n sosialistiese pragmatisme). Ook hierdie Pragmatisme gee aan die mens die eindbeslissing ; dit verabsoluteer die suksesvolle daad as daad van die mens.

Elke gedagte wat ons as 't ware as 'n voertuig kan gebruik, elke gedagte wat ons voorspoedig van die een na die ander kant van ons ervaring bring , terwyl dit die dinge bevredigend verbind , betroubaar werk , vereenvoudig en werk bespaar , is „juist in die mate en in zoverre waar , waar als instrument".²⁴⁾ Dit is die sogenaamde instrumentele waarheidsopvatting wat ons onder andere by John Dewey (1859-1952) vind. Pragmatisties beskou , word geen enkele hipotese verwerp nie as daar vir die lewe nuttige gevolge uit voortvloei. Religie is 'n nuttige fiksie ; die historiese nut beslis oor die waarde van die godsdienste. (James) ²⁵⁾

c Naturalisties : die mens is sonder meer 'n stuk natuur ; hy gaan geheel en al op in die natuur. Dit kan wies die natuur van die fisika ; die mens is dan 'n toestel (l'homme machine - Lamettrie) , of die natuur van die biologie ; die mens is dan 'n dier. ²⁶⁾

(1) Materialistiese Naturalisme : die natuur vir hierdie vorm van Naturalisme is die natuur van die fisika. Daar bestaan geen ander werklikheid as dié wat tot objek van die fisika gemaak kan word nie. Monisties is hierdie vorm van Naturalisme met immanente kausale samhang , volstrek meganies , volkome rasionaliseerbaar. Elke konkreet-individuele gebeurtenis in die wêreldproses is 'n besondere geval van algemene reëls ; dit kan tot daardie algemene , ewige , yserre reëls (die natuurwette) herlei en logies uit daardie reëls afgelei word. ²⁷⁾

Die gebeure op die gebied van die lewe onderskei hom nie wesenlik van dié op die gebied van die lewelose stof nie ; alle biologiese gebeurtenisse is in beginsel herleibaar tot fisies-

²⁴⁾ Langeveld : Wysgerig denken , 98.

²⁵⁾ ibid. , 99.

²⁶⁾ de Sopper , op.cit. , 11.

²⁷⁾ ibid. , 13.

chemiese en in laaste instansie tot suiwer meganiese wette. Lewende organismes is niks anders as die toevallige resultaat , die som van pure meganiese , toevallige prosesse van die deur 'n blinde natuurwetlikheid bepaalde wisselwerking tussen die eenvoudigste eenhede waaruit die werklikheid bestaan en die daaruit voortvloeiende hergroepering van stofdeeltjies in die ruimte. 28)

(2) Vitalistiese Naturalisme : die natuur vir hierdie vorm van Naturalisme is die natuur van die biologie. 'n Beroemde figuur op hierdie gebied is Henri Bergson.

Terwyl die materialis hom die mens dink na analogie van die voorstelling wat hy van die wêreld het , dink Bergson hom die wêreld na analogie van die voorstelling wat hy van die mens gevorm het. 29) Bergson neem 'n noue verwantskap aan tussen ons bewussynslewe en die lewe in die algemeen. Die lewe is in werklikheid van psigiese aard. Die mens in hierdie Al-lewe van Bergson het met sy intellek 'n voorsprong van onskatbare waarde bo die dier met instink.

In die laaste instansie is die mens die rede vir die bestaan van die organisasie van die lewe op ons planeet. Die menslike geslag verteenwoordig die kulminasiepunt in die ontwikkeling van die werwelidiere. Bergson vergelyk die hele lewe met 'n vloed wat aangroei en deur die neergaande beweging van die materie teengewerk word , asook dat op die grootste gedeelte van sy oppervlak op verskillende hoogtes die stroom deur die materie omgeset is in 'n rondwenteling op die plek. Daar is tussen mens en dier geen verskil in graad nie , maar van natuur (begrens-onbegrens , geslote-oop). Die mens is „la grande réussite de la vie" , 'n glorieryke openbaring van die lewensmisterie.

(3) Die mensbeskouing van Freud c.s. is ook tipies naturalisties : die mens is 'n drifwese. 30) Vir die ontwikkeling van

28) de Sopper : op.cit. , 41.

29) ibid. , 70 et seq.

30) Langeveld : op.cit. , 221.

die mens is nie 'n ander verklaringsgrond nodig as dié wat nodig is vir die diere nie. Alle gees , alle kultuur kom uiteindelik uit die sfeer van die drifte voort; die seksuele drif oorheers. Die mens is dus 'n seksuele wese. Die lewe is in die grond van die saak 'n libidineuse oerkrag. 31) Kragtens ons oorspronklike natuur is ons in wese dier , en kom alle ellende hieruit voort dat ons ons dierlike natuur nie onbelemmerd kan uitlewe nie. 32)

§ 3. Kritiek.

Ons sien dus dat die verskillende teorieë wat ons tot dusver behandel het , die mens depersonaliseer en 'n mensopvatting huldig wat die volheid van die menslike persoonlikheid nie tot sy reg laat kom nie. Die gevolg hiervan is mensverheerliking en die dwase gedwee met die sogenaamde grootheid van die mens (cf. uit/deur/tot - Liberalisme) en die menslike prestasies (cf. verabsoluttering van die suksesvolle daad - Pragmatisme). 33) Die mens word verslaaf aan een van sy funksies (bv. rede) en maak die ander funksies daaraan onderworpe , of hy verslaaf homself , wat net so depersonaliserend is , heeltemal teenoorgesteld aan die wording van die persoonlikheid. Die leer van die materialistiese naturalisme is „aller- , alleronwaarschijnlijkst". 34) Van belang egter is die vraag na die verhouding van die prinsipes tot die fisies-chemiese natuurwetlikheid. Word die kloof tussen lewende en dooie stof geringer ? In die organisme kom geen stowwe voor wat nie ook daarbuite gevind kan word nie. 35) Organiese produkte kan anorganies voortgebring word. Daarby kan die bloedsomloop as hidrodinamika , senu- en stofwisselingsprosesse as chemika , beweging van ekstremitate as meganika voorgestel word.

Stern skrywe in sy „Person und Sache" (I,278) : „So goed as mens vandag die formules vir 'n ingewikkelde masjien ken , so sal eendag die ideaal verwesenlik word , naamlik dat die

31) de Sopper : op.cit. , 39.

32) *ibid.*, 92.

33) de Lange : Verontpersoonliking (Koers II), 169 et seq.
cf. Coetzee : Moderne Opvoeding , 37.

34) de Sopper : op.cit. , 43.

35) *ibid.* , 45.

fisiko-chemiese formules ook geken sal word". 36)

Dis Darwin wat met sy Ewolusie-teorie eweseer die biologiese verskynsels meganies-kousaal verklaar. 37) Die opmerking word wel gemaak dat die Ewolusie as sodanig niks aan die grootheid van God sou afdoen nie. Die Heilige Skrif leer weliswaar 'n noue verwantskap tussen mens en dier ; albei is op dieselfde dag geskape , albei gevorm uit die stof van die aarde. Die dier is egter op Gods bevel deur die aarde voortgebring , terwyl die mens geskape is na 'n beraadslaging deur God , na Sy beeld , tot heer oor alle dinge. 38) Die goddelike oorsprong van die mens gegrond in die skeppingsdaad is voorwaar majestueuser as sy bloedverwantskap met 'n aap , al kan mens 'n aap ewemin meganies-kousaal verklaar.

Dit is 'n ongegronde mening om te dink dat die lewende liggaam deur enige bo-menslike berekenaar aan dieselfde matematiese behandeling onderwerp sou kan word as ons sonnestelsel (Bergson). 39) Die pretensies van die materialistiese naturalisme is volkome ongegrond ; dit is naïef om die lewe te benader met die denkvorme waarmee ons gewoon is om die lewelose stof binne die bereik van ons kennis te bring.

Wilhelm Ostwald het gesê : „Alles is natuur en natuur is alles. Alles is aan dieselfde wette onderwerp en die kennis van hierdie wette berus op ervaring". Bewussyn , byvoorbeeld , is vir hom niks anders as 'n liggaamsfunksie soos 'n spiersametrekking , en dergelike nie. 40)

Waarin bestaan die glorie van die Bergsonse mens ? Wat andere die „natuur" noem , noem Bergson die „lewe". Net soos die dier behoort ook die mens daartoe. Hy is eenvoudig 'n natuurprodukt en in wese niks meer en niks anders as 'n „hoër vertebraat" nie. 41) Die naturalisties-vitalistiese tendens van die leer van Bergson word deurkruis deur die misties-religieuse

36) de Sopper : op.cit. , 46.
of. Oldewelt : De Plaats van de Mensch , 4.

37) de Sopper : loc.cit.

38) Bavinck : Gereformeerde Dogmatiek , II , 471.

39) McDougall : Body and Mind , v.

40) Langeveld : op.cit. , 155.

41) de Sopper : op.cit. , 74.

In die mistieke religie sien Bergson die natuurlike voltooiing van sy wysbegeerte. Die skuld van alles wat verkeerd is , word gelaai op die materie, die weerbarstige element in die Kosmos. Skepper en skeppende is woorde wat dikwels voorkom , maar dit is nie opgebou op die Bybelse , Israëlitiese-Christelike onderskeiding van Skepper en skepsel nie. 42) 'n Waarskewing tot versigtigheid is dus hier ook nie misplaas nie. Die vitalistiese naturalisme werk die verdierliking van die lewe en van die mens in die hand en bevorder dit. As die mens in wese eintlik 'n dier is , dan is dit ook volkome in orde as hy net soos 'n dier lewe. Dan bereik hy in dieselfde mate sy bestemming wanneer die bestialiteit van die lewe toeneem. Dan handel die mense ooreenkomstig 'n doel, namate hulle onbelemmer toegee aan hul dierlike instinkte en mekaar beskou en behandel as middel tot hul eie bevrediging. 43)

Die materialistiese naturalisme met sy versaakliking en die vitalistiese naturalisme met sy verdierliking is in groot mate die mede-oorsaak van die voortschrydende ontmensliking van die mens. As God uit die lewe geban is , dan gaan die mens ten slotte te gronde. Met 'n roekeloosheid wat amper ongekend is , word omgegaan met menselebens , meestal met die lewe van ander mense , maar ook dikwels met die eie lewe. Die mens het in dié geval geen ander waarde nie dan net as middel te wees tot enige onpersoonlike doel. 44)

Alle humanistiese , heidense self- of mensverheerliking is swak vergeleke by die wêreldoorwinnende en wêreldvernuwende leer wat dit al seëvierende te bowe kom , aangesien dit stam uit die geestelike verkeer met die Woord wat vlees geword het , met die menswording van God. 45)

§ 4. Die Protestants-Christelike (Calvinistiese) beskouing.

Gaan die nie-Christelike en anti-Christelike opvattinge in hul doelstelling nie bokant hierdie maatskappy en wêreld uit nie, by die Christelike beskouing val die nadruk op die beginsel :

42) de Sopper : op.cit. , 83.

43) ibid. , 162.

44) loc.cit.

45) de Hartog : op.cit. , 109.

„uit God , deur God en tot God". 46)

Wat in teenstelling met die humanistiese beskouinge dadelik opval , is die feit dat by hierdie rigting die oorsprong die wese en die bestemming van die mens steeds van prinsipiële belang is om na te gaan. By die verskillende rigtinge van die humanistiese opvattinge bestaan daar belangstelling vir een , hoogstens twee van die bogenoemde aspekte van die mens. Al drie egter is van beslissende betekenis by die opvoeding.

a Die oorsprong van die mens.

Die Skepping loop uit op die mens. In hom sluit die geestelike en stoflike wêreld hom saam. 47) Die eerste hoofstuk van Génesis gee 'n algemene geskiedenis van die skepping wat in die mens sy doel en einde vind ; die tweede hoofstuk handel veral oor die skepping van die mens en oor die verhouding waarin die ander skepsels tot hom staan. In die eerste hoofstuk is die mens die einde van die natuur ; in die tweede die aanvang van die geskiedenis. Die prinsipiële kultuurmomente van die Bybelse skeppingsverhaal kan aldus weergegee word : 48)

„Cultuur word hier het in sisteem gebrachte streven naar het procesmatig te winnen arbeidstotaal van het God toebehoorende , zich met en voor den kosmos tot God in de historie evolueerende , in elk historisch moment aanwezige menschheidstotaal , dat zich tot taak stelt , alle in de schepping aanwezige krachten , al naar gelang zij in het kader van het historisch verloop der wereld successief in zijn bereik zullen mogen komen te liggen , te ontdekken , ze te ontplooiën naar eigen aard , ze dienstbaar te stellen aan de naaste en verste omgeving , overeenkomstig de kosmische verbanden , en onder zelfbinding aan de normen van Gods geopenbaarde waarheid ; dit alles ten einde de alzo gewonnen effecten hanteerbaar te maken voor de mensch als liturgisch creatuur en daarna , met dien zoo al meer bewerkteugden mensch zelf , ze te brengen voor God en voor zijn voeten ze neer te leggen , opdat God in allen alles zij , en alle werk zijn Meester love".

Tòt en mèt die mens word , vanweë sy aanstelling as verkose verteenwoordiger van Gods heerskappy oor alle ander skepsels en in die gemeenskap van die verbond wat God met hom aangegaan het , gesprek oor die res van die kosmos , ofskoon hy daarvan deel is (self-onderskeiding word dus opgewek , self-kultuur , self-ontploffing word vir hom , nie as „Selbstzweck"

46) Coetzee : op.cit. , 12.

47) Bavinck : op.cit. , II , 471.

48) Schilder : Christus en Cultuur, 54.

nie , maar ter wille van sy mandaat , as plig bewus gemaak).49)

Die goddelike oorsprong van die mens is in die Christelike kerk en teologie nimmer betwyfel nie. Dis buite die besondere openbaring waar allerlei gissings omtrent die herkoms van die mens gewaag word. Ook die eenheid van die menslike geslag staan vir die Heilige Skrif vas.

Die vraag na die oorsprong van die mens is dus buite die Heilige Skrif om onoplosbaar. 50) Die pedagogiek wat aan die Skrif die rug toedraai , kan op hierdie gewigtige vraag wat alles beheers , geen antwoord gee nie. Onkundig omtrent hierdie aangeleentheid , verdien dit dan ook nie ons vertroue nie as dit straks oor die wese en bestemming van die mens handel. 51)

b Die wese van die mens.

Elke kind is 'n gave van God. 52) En nie net is elke mens dat in soverre hy mens in die algemeen is nie , maar ook in soverre hy hierdie bepaalde mens is. Want 'n mens in die afgetrokkenheid bestaan nie. Elke mens is homself en geen ander nie. Elke mens bring 'n bepaalde siel en liggaam , bepaalde eienskappe , vermoëns , kragte , gawes mee wat van dié van alle ander mense onderskei is. Die vermoëns en kragte , die eienskappe en gawes is die kapitaal waarmee die mens reeds by sy geboorte begiftig word ; dit is die aangebore , onvervreembare goed wat aan hom toevertrou word ; saam maak dit die talente uit waarmee hy straks in die lewe moet arbeid en woeker. 'n Mens kom nie as „tabula rasa“ ter wêreld nie ; daar lê vermoëns en disposisies , kragte en gawes, talente en bekwaamhede in hom verborge wat in elke mens verskillend is en wat op die vrymag van God terugwys.53)

'n Mens het sy uitnemendheid bo alles wat geskape is nie net hierin dat hy al sy tydelike funksies konsentreer in sy hart as die wortel van sy hele bestaan nie , maar ook in die feit dat hy in alle wetskringe 54) 'n subjeksfunksie het , terwyl hy

49) Schilder : Christus en Cultuur , 55.

50) Bavinck : Paedagogische Beginselen , 87.

51) loc.cit.

52) ibid. , 79. 53) ibid. , 80.

54) sc.: getal, ruimte, beweging, lewe, gevoel, denke, kultuurvorming, taal, omgang, ekonomiese waardes, harmonie, vergelding, liefde en geloof.

ook 'n maksimale aantal objeksfunksies besit. Die hoogste skep-
sel is deur God met baie gawes versier. 55)

Die Heilige Skrif leer ons die eienaardige en besondere
plek ken wat die mens in die lang ry inneem van alles wat ge-
skape is. Hy is die beeld van God. Hierin lê die wese van die
mens ; dit is sy rang , sy stand , sy adeldom. Die aard en die
wese van alle skepsele , die plek en die taak word bepaal deur
die verhouding waarin hulle tot God staan , deur die betekenis
wat hulle na Sy bestel vir die glorie van Sy naam het. 56)

Die verhouding van die mens tot God is van so 'n intieme
aard , die verwantskap aan God so groot dat dit slegs daardeur
enigsins onder woorde gebring kan word dat van die mens gesê
kan word dat hy na Gods beeld en gelykenis geskape is. Hierdie
verhouding en verwantskap strek hom uit oor die „ganse” 57)
mens. Volgens die Calvinistiese beskouing is die mens beeld van
God , omdat hy en in soverre as hy mens is ; en die beeld van
God is mens , omdat dit en in soverre as dit beeld van God is.
Elke mens is beeld van God , 'n besondere uitdrukking daarvan ;
'n eie gedagte van God , in die geheel opgeneem met die roeping,
plek en taak ; 'n selfstandige , eiesoortige wese , deur sy lig-
gaam aan geheel die aarde , deur sy psigiese natuur aan alle
organiese wesens verwant , as redelik-sedelike wese lid van die
gemeenskap (gesin-geslag-volk-mensheid) ; 'n letter in die alfa-
bet en tegelykertyd 'n eie woord. 58)

Dat die mens skepsel is , hou hom klein teenoor sy Maker ,
dat hy 'n beelddraer van God is , maak hom groot teenoor sy
medeskepsels. 59) Die mens is hoof en kroon van die gehele
skepping , mikrotheos en mikrokosmos tegelyk. 60)

Wat betref die inhoud van die beeld van God , leer die
Skrif die volgende : die mens is sodanig na God geskape dat hy
Sy beeld en gelykenis is. Die skepping na Gods beeld is in geen
onkele opsig beperk nie ; dus is die mens nie slegs ten opsigte

55) Spier : Calvinistiese Wijsbegeerte , 46.

56) Bavinck : Paedagogische Beginselen , 85.

57) ek onderstreep.

58) Bavinck : op.cit. , 87.

59) Bavinck , J.H. : Zielkunde , 399.

60) Bavinck : Gereformeerde Dogmatiek , II , 491.

van 'n paar deugde , of van een persoon in die Goddelike Wese , of slegs vir 'n deel , na die siel of na die verstand of na die heilichheid draer van Gods beeld en gelykenis nie ; die ganse mens is beeld van die ganse Godheid , sy dit in relatiewe (en nie absolute) sin nie. Hy is geskape buite die Goddelike Wese , op kreatuurlike wyse. 61)

Waarin is openbaar hom hierdie beeld ? Volgens die Skrif kom dit uit in die mens se heerskappy oor al wat geskape is ; die beeld van God sluit ook die ooreenstemming met die wil van God in. Die herskepping na die beeld van God of Christus word veral gestel in die aandoen van die nuwe mens wat onder andere bestaan in geregtigheid en heilichheid van die waarheid. 62)

Die mens is dus in ooreenstemming met die Skrif en die Gereformeerde belydenis nie draer of besitter van die beeld van God nie , maar die mens is Gods beeld ; as mens is hy seun , gelykenis , geslag van God. Hierin lê twee gedagtes opgesluit : dat nie iets in God , een of ander deug en volmaaktheid met uitsluiting van andere , dat ook nie een persoon nie , byvoorbeeld die Seun met uitsluiting van Vader en Gees , maar dat God Self , dat die ganse Godheid die „archetipe" van die mens is. 63) Die beeld waarna die mens geskape is , brei hom uit oor die gehele mens ; in die mens is niks van die beeld van God uitgesluit nie. Alle skepsels vertoon vestigia Dei ; die mens is imago Dei. Hy is dit in siel en liggaam 64) , in alle vermoëns en kragte , in alle toestande en verhoudings.

Soos die kosmos 'n organisme is en dus in sommige skepsels meer en in andere minder duidelik Gods deugde openbaar , so kom ook in die mens as organisme die beeld van God hier duideliker uit as elders , in die siel meer as in die liggaam , in die etiese deugde meer as in die fisiese kragte. Maar dit doen niks af aan die waarheid dat die ganse mens God se beeld is nie. 65) Die Skrif sou nie op menslike wyse van God kan en mag spreek en

61) Bavinck : Gereformeerde Dogmatiek , II , 493.

62) ibid. , 494.

63) ibid. , 516.

64) ek onderstreep.

65) Bavinck : op.cit. , 517.

alle menslike eienskappe op God mag oordra as God nie eers die mens geheel-en-al na Sy beeld gemaak het nie. Dit is die taak van die Christelike teologie om hierdie beeld van God aan te wys in die gehele wese van die mens. Dit is aanwysbaar in die siel van die mens , in die vermoëns van die mens , in die deugde van kennis , geregtigheid en heiligheid waarmee die mens direk geskape is en ook in die liggaam van die mens.

Van die liggaam wat so skoon gebou is , gaan 'n geweldige spraak uit. Ook die huis wat aan die menslike siel tot woning gegee is , die aardse liggaam , is 'n lewendige en baie duidelike getuigenis van die wysheid en almag van God. 66) In Psalm 139 getuig Dawid ook daarvan as hy uitroep : „Ek loof U , omdat ek so vreeslik wonderlik is ; wonderlik is u werke! En my siel weet dit alte goed".

In sy brief aan die Romeine 67) skrywe Paulus : „Want soos ons in een liggaam baie lede het en die lede nie almal dieselfde werking het nie , so is ons almal saam een liggaam in Christus en elkeen apart lede van mekaar". Hiermee word aangetoon dat ons aan ons eie liggaam die wette kan leer ken wat ook geld vir die liggaam waarvan Christus die hoof is. Deur die leer van die wette word vir ons ook die Wetgewer bekend ; ons herken God , die magtigste Bouheer en grootste Kunstenaar uit die werke van Sy hande.

Ook nou nog , in die ontluisterde staat , erken ons die skoonheid van die mens so dié van enig ander skepsel. In alle tydperke van die kuns was dit die mens wat die hoogste objek gevorm het vir die onhoogstrewende kunsgenie. 68) Die skoonheid kan bestaan in liggaamlike vorme en verhoudings , beweging en geluid , die openbering in verskyning van die gedagte , daad en aanskouing.

Die beeld van God strek hom ewever as die menslike uit ; dit is die menslike in die mens. Die menslike is nie die Goddelike self nie , maar dit is daarvan die eindige , kreatuurlike afdruk. 69) Die menslike natuur is onder die skepsels die hoog-

66) Koppeler: Menschelijk Lichaam , 7.

67) Romeine 12 : 4 en 5.

68) Sevensma : Schoonheid en schijn , 47.

69) Bavinck : Gereformeerde Dogmatiek , 523.

ste en mees volkome openbaring van God , nie net na die pneumatiese kant nie , maar eweseer na die somatiese kant ; die natuur is dit juis as menslike , i.e. as psigiese natuur. God en wêreld, goes en stof is na die leer van die Skrif nie teenstellings nie. In die stof is niks veragteliks en sondigs nie. Alle skepsele is die beliggaming van die Goddelike gedagtes. Die gehele wêreld verhef hom opwaarts , sluit hom af , voltooi hom , ontvang sy eenheid , sy doel , sy kroon in die mens. Die mens is eenheid van die stoflike en geestelike wêreld. Hy is die profeet wat God verklaar en Sy deugde verkondig , die priester wat met al wat geskape is homself as 'n heilige offerande aan God wy , die koning wat in geregtigheid alle dinge lei en regeer. 70)

c Die bestemming van die mens.

Die beeld van God in sy gehele rykdom word vir ons eers dan duidelik en volkome as ons daarin ook opneem die bestemming van die mens , beide vir hierdie en vir die toekomstige lewe. Die eerste mens , hoe hoog ook geplaas , het die hoogste nog nie besit nie. 71) Sy toestand was slegs tydelik ; dit moes oorgaan òf tot hoër heerlikheid òf tot 'n val in sonde en dood. Oortreding van gebod word gevolg deur die dood , onderhouding daarenteen deur die ewige lewe. Die ewige lewe is die hoogste ideaal vir die mens. In verband hiermee moet genoem word die leer van die sogenaamde werkverbond. Alle hoër lewe onder redelike en sedelike skepsels dra die vorm van 'n verbond. Dit is 'n normale vorm vir die samelewe en samewerk van die mense onderling. Ook die hoogste , rykste lewe van die mens , die religie , dra hierdie karakter. God nooi die mens tot bekering , herinner hom aan sy verpligtinge en verbind Homself tot die gee van alle goeie dinge. Vanweë die oneindige afstand tussen Skepper en skepsel , sou geen religie moontlik wees nie. Die religie het egter die karakter van 'n verbond. Hierby is God eindeloos groot en neerbuigend goed. 'n Skepsel het teenoor God geen enkele reg , eis of verdienste nie. Hy het slegs die vryheid om met gebed en

70) Bavinck : Gereformeerde Dogmatiek , 524.

71) *ibid.* , 525.

danksegging tot God te kom ; hierdie vryheid is uit genade geskenk. Die mens is 'n redelike , sedelike wese en soos God hom geskape het , so word hy deur Hom ook behandel. Nadat die mens na Gods beeld geskape is , het God vir hom sy bestemming aangewys en die weg waarlangs hy die bestemming kan bereik. 72)

In die leer van die werkverbond lê voorts nog 'n gedagte opgeslote wat van die rykste religieuse en etiese betekenis is. Die skepping van man en vrou tesame na Gods beeld is nie die einde nie , maar die begin van Gods weg met die mens. 73) Die gehele mensheid is eers die volledig ontplooiende beeld van God, sy seun , sy geslag. Die beeld van God is so ryk dat dit nie in een menskind , hoe begaafd ook , in sy geheel verwesenlik kan word nie. In 'n mensheid met miljoene lede kan die beeld enigermate in diepte en rykdom ontvou word. As uit een bloed , as een huisgesin , as een familie is die mensheid beeld en gelykenis van God. Hiertoe behoort ook die ontwikkeling van die mensheid, sy geskiedenis , sy steeds uitbreidende heerskappy oor die aarde, vooruitgang in kennis en kuns , onderwerping van alle skepsele. Die beeld Gods ontplooi hom in die vorme van ruimte en tyd.

Die mensheid kan slegs as 'n volkome organisme beskou word as dit verbonde en saamgevat is in een hoof. Ook die vrou is deelagtig aan die menslike natuur en aan die beeld van God. Sy verteenwoordig albei op 'n eie manier , na haar eie aard.

In Génesis I word telkens herhaal dat God elke dier , elke plant geskape het na sy aard. God het dus in al die geskape dinge bepaalde , karakteriserende eienskappe gelê. Daarvan het Hy nie afgewyk nie en die eienaardige , die eiesoortige (-ige beteken hier : hobbende) het Hy gehandhaaf tot nou toe. En so sal dit tot einde van hierdie bedeling voortduur. In die lewe na die weeropstanding sal die geslagsonderskeid wegval , aangesien die mens van God dan volmaak sal wees. In hierdie lewe moet ons egter wel deeglik die feit dat man en vrou , seun en dogter , geskape is na hul eie aard erken en bestudeer. Met hierdie feit moet dus rekening gehou word nie net in die praktyk van die lewe van die volwassenes nie , maar ook in die op-

72) Bavinck : Geref. Dogmatiek , 532. 73) ibid., 538.

voeding van die kinders. 74) Daar is 'n neiging by die vrou om uiterlik en innerlik op 'n man te gaan lyk ; hierdie neiging is nie net sondig nie , maar bowendien word daarmee getrag om iets onmoontliks te bereik. Hoogstens kan die vrou die skyn aanneem, maar van 'n wesenlike verandering is geen sprake nie. Die skyn kan byvoorbeeld gesoek word in kledingsverwisseling. 75) Almal wat dit doen , is „vir die HERE jou God 'n gruwel". Ook kan dit gesoek word in die manier waarop die hare gedra word. 76)

Die voorbeelde wys duidelik op die geweld wat hiermee aan die natuur , aan die eie-geaardheid gedoen word. Die aard , die tipiese van die twee geslagte moet dus nie verloën word nie. Die man moenie vroulik wil wees nie ; die vrou moenie die man wil naboots nie. Die Christen moet die skeppingsordinansies handhaaf waarin die man die hoof van die vrou is.

Die eenheid van die mensheid bestaan nie net in fisiese opsig nie , maar ook in etiese. Dit is vir die mensheid as organisme noodsaaklik. 77) Elke mens is 'n organiese lid van die groot geheel , en daarin neem hy 'n eie selfstandige plek in. Daar is 'n eenheid van die gehele menslike geslag en tegelykertyd die selfstandige betekenis van elke individu. „Levende steenen van het Godsgebouw". 78) Elke mens is 'n lid van die liggaam van die mensheid en tegelyk ook 'n eie gedagte van God met 'n ewige betekenis en 'n ewige bestemming.

§ 5. Sonde en genade.

In Génesis word vermeld 79) dat die HERE God die mens geformeer het uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas het. So het dan die mens 'n lewende siel geword. Die hele mens het 'n lewende siel geword sonder graadverskil in waarde tussen die liggaam en die siel. 80)

Die hele Skpping was ongetwyfeld baie goed , en so was die hele mens gaaf en goed - te wete voor die sondeval. Op die

74) vide „Belijden en Beleven" , Jrg.9 , No.46.

75) Deuteronomium 22:5.

76) I Korintheërs 11:1-16.

77) Bavinck : Gereformeerde Dogmatiek , 540.

78) ibid. , 550.

79) Génesis 2:7.

80) van der Merwe : Liggaamlike Opvoeding , 4.

sonde 81) het die veroordeling van die mens gevolg ; aan die sonde is deur die hele mens deelgeneem , die gehele menslike wese het oortree (die proefgebod het liggaam en siel getref) - die veroordeling tref eweseer die hele menslike wese. Aan die skone harmonie tussen siel en liggaam het 'n einde gekom ; die oorspronklike band is verbreek. Die straf word na liggaam en siel gevoel. Die vloek wat die liggaam getref het , het die uitwerking gehad dat dit sy voormalige heerlikheid verloor het; die besoldiging van die sonde is die dood 82) - die liggaam het sterflik geword. 83)

Wat ons in die mens as gevolg van die sonde mis , is die volkome gesondheid , die sierlike liggaamshouding en immer aanwesige krag. Die eerste menslike liggaam het alle heerlike eienskappe van gesondheid , skoonheid en krag in volkome harmonie uitgestraal - die koninklike heerlikheid van die eerste menslike liggaam. 84) Hierdie eienskappe sien ons , danksy Gods algemene genade , tans slegs hier en daar en dan nog onvolkome en tydelik aanwesig. Die liggaamlike onvolkomenheid is daar om die sonde ontwil ; die rudimente van die volkomenheid is daar danksy die genade.

As die katastrofe van die sondeval nie gekom het nie , dan sou die reeds gawe en goeie liggaam geen besondere aandag geverg het nie. Wie kan verbeter op die handewerk van God ? 85) Deur die algemene genade stuit God egter die werkinge van die vloek ; daarby wil Hy nie dat ons ons sonder meer aan die gevolge van die sonde moet onderwerp nie ; dit sou die glorie van Satan beteken. 86) Dit is moontlik om sonde en ellende in hul vernietigende werking te temper en elkeen en alles word opgeroep om daaraan mee te werk. Feitlik moet alle lewenskrag daartoe aangewend word. Dit is die gedagte wat by die werk leiding en besieling kan gee en wat die hoog-heilige roeping

81) Génesis 3.

82) Romeine 6 : 23.

83) Génesis 3 : 19b.

84) de Vries en de Bruyn : De Tempel des Geestes , 14.

85) van der Merwe : op.cit. , 5.

86) de Vries en de Bruyn : op.cit. , 20.

in hierdie wêreld laat verstaan. Die sonde verwoes ons liggaam; die stryd daarenteen mag ons egter nie net aan die geneeskunde oorlaat nie. Alle middele wat God in Sy "Gemeene Gratie" 87) geskenk het, moet aangewend word om die sonde en ellende te bestry — middele soos : voeding en opvoeding, kleding en dekking, ook alle bevordering en onderhouding van gesondheid.

Uiteindelik is die mens geskape om God te dien in alle verhoudings waarin God hom geplaas het, met alle gawes wat hy van God ontvang het sodat hy God sou kan dien. 88) In die verband het God aan die mens sy verstand gegee om te verstaan, sy wil om te heers en te dien, sy gevoel om priesterlik hom te wy; maar ook sy sosiale besef en gevoel om in en met die gemeenskap God te verheerlik; ook sy kulturele besef opdat hy alle kultuurbesit en alle kultuuraktiwiteit sou kan ophef tot God.

In Christus is die geskonde toestand herstel, deur die geloof. Dit maak ons ewewel nie tot sondelose mense, tot mense sonder gebreke nie, maar die gevolge van ons geskondenheid word ons deur die geloof nie meer toegereken nie. Nogtans bly dit nodig om die ordeninge wat vir hierdie lewe geld, te ken; ook dié wat betrekking het op die opvoeding, en dié wat betrekking het op die spesiale aspek van die opvoeding wat as liggaamlike opvoeding aangedui word. 89)

87) Die term is ontleen aan 'n bekende werk van Dr. A. Kuyper; cf. Mattheüs 5 : 45b.

88) Waterink : Theorie der Opvoeding, 18.

89) Groenman : Anthropologisch Probleem, 33.

BIBLIOGRAFIE.HOOFSTUK III.

- Bavinck , J.H. : Inleiding in de Zielkunde.
 Bavinck , H. : Gereformeerde Dogmatiek. Deel II.
 - : Paedagogische Beginselen.
 Boasson , J.J. : De bestemming van de Mens.
 Carrel , A. : Man , the Unknown.
 Coetzee , J.C. : Die Moderne Opvoeding. 'n Histories-Kritiese Studie.
 de Hartog, A.H. : Modern Heidendom.
 de Sopper, A.J. : Dwaalwegen. De mens in het materialistisch en in het vitalistische naturalisme.
 de Vries, J. en de Bruyn, C.A. : De Tempel des Geestes welke is Uw liggaam. Bijdrage tot de kennis van een Christelijke Lichamelijke Opvoeding.
 Feber, L.J.M. : Mensch en Humanisme.
 Groenman , G. : De Lichamelijke Opvoeding als Anthropologisch Probleem.
 Hoppeler , H. : Het menscheijk Lichaam , een sprake Gods.
 Huizinga , J. : In the Shadow of to-morrow. A diagnosis of the spiritual distemper of our time.
 Jung , G.C. : Psychologische beschouwingen.
 Koers in die Krisis , II.
 Langeveld , M.J. : Op weg naar Wijsgerig Denken.
 McDougall , W. : Body and Mind. A History and a Defense of Animism.
 Oldewelt , H. : De Plaats van de Mensch in de Totaliteit van het Leven.
 Ortega y Gasset , J. : De Opstand der Horden.
 - : Zelfinkeer en verbijstering.
 Schilder , K. : Christus en Cultuur.
 Sevensma , W.S. : Schoonheid en Schijn. Beschouwingen tot den opbouw eener Aesthetica naar Christelijke Beginselen.
 Spier , J.M. : Wat is Calvinistische Wijsbegeerte ?
 Toynbee , A.J. : A Study of History.
 van Asch , J.C. : Gymnastiek gezien vanuit een Christelijke beschouwing omtrent de mens.
 van der Hoop , J.H. : Geestelijke Vrijheid. Een Psychologische Studie over de Crisis van de Westerse Cultuur.
 I. Massa , Democratie en Staat.
 van der Merwe , I.R. : Liggaamlike Opvoeding.
 Waterink , J. : Theorie der Opvoeding.

Tydskrif : Belijden en Beloven. Gereformeerd Weekblad.

HOOFSTUK IV.

DIE PROBLEEM : LIGGAAM-SIEL-GEES IN VERBAND MET LIGGAAMLIKE OPVOEDING. --.--

§ 1. Inleidend.

Hierdie probleem tref die ware wese van die mens. Daar is geen belangriker metafisiese vraagstuk as hierdie nie. 1) Is die mens liggaam (materie-monisme) , of siel (psigè-monisme) , of liggaam en siel (twee-eenheid) ? Is die mens stoflik of geestelik ? Is daar 'n psigo-fisies parallelisme of 'n wisselwerking ? 2)

Die Bybel spreek ook van gees , siel en liggaam. As ons hierdie woorde neem in die betekenis wat hulle in die Europese denke van tans gekry het , maak mens ongetwyfeld vergissings.³⁾ Die Bybel sê dat ons eksistensie bestaan in die twee-eenheid van siel en liggaam 4) Die siel word in die Heilige Skrif meestal die hart genoem. Dit is die diepste religieuse konsentrasiepunt van al ons tydelike funksies wat tesame ons verganklike liggaam vorm.

As gevolg van rasionalistiese opvattinge is die eenheid van siel-liggaam losgewikkel ; dit is egter geen Bybelse gedagtegang nie. 5) Hier het ons die eenheid , onverbreeklik , die mens as ondeelbare , normatiewe wese. Die Christendom was ook eentyd sterk rasionalistiese gekleur en as gevolg daarvan was dit moontlik dat die idees omtrent gees , siel en liggaam 'n lang tyd klakkeloos oorgeneem is uit die Griekse denke en as skriftuurlike leer verkondig is. 6) Die liggaam is daarby gesien as materie. Die siel sou in die liggaam gevange wees soos 'n voël in sy hok. Die siel wil hom losmaak uit die koker. Die stoflike ('n gedagte ook dikwels in Christelike kringe gevind) sou die bron wees van die bose , die sondige , die ver-

- 1) Coetzee : Algemene Teoretiese Opvoedkunde , 109.
- 2) cf. McDougall : Body and Mind.
- 3) van Asch : Gymnastiek , 13.
- 4) Spier : Calvinistiese Wijsbegeerte , 61.
- 5) van Asch : op.cit. , 9.
- 6) van der Leeuw : Wegen en Grenzen , 103.
Coetzee : Opvoedkundige Teorie en Praktyk , 33.

ganklike syn. Die verstand , die wil en die (estetiese) gevoel is hoër kategorieë. Hieruit volg 'n minagting vir die (materiële) liggaam en verheerliking van die (immortele) siel. Mens praat selfs van die ou mens en die vlees in bybelse spraakgebruik as die liggaam ; van die nuwe mens as siel. Dit is geheel in stryd met wat die Bybel leer. 7)

Op homself is daar geen kwaad in dat die wetenskap spore van sy ou vertoon nie. In hierdie geval is dit die invloed van die Griekse denke op die teologie ; dit kan onmoontlik anders , maar dan moet dit ook as sodanig gesien word. 8)

Liggaam en siel is dus op mekaar aangewese , hulle kan nie geskei word nie. Dit is 'n struktuurgeheel wat as geheel „instrument" genoem kan word in diens van iets ; dit veronderstel 'n rigtingsprinsiep wat weer vervleg is met die siel-liggaam-eenheid (wat ook wel l i g g a a m genoem word) en hieraan sin en betekenis gee. 9) Hierdie rigtinggewende prinsiep (gehoorsaam of ongehoorsaam) is die gees. 10)

Die ware wese van die mens , ook wat betref die metafisiese aspek , kan slegs volgens analities-sintetiese 11) metode bestudeer word. Ons behandel derhalwe in die eerste plek:

§ 2. Die Liggaam.

Die liggaam lower slegs 'n fisiese probleem ; deur middel van die natuurwetenskappe kan ons dit bestudeer. Die anatomie, fisiologie , histologie en embriologie maak gebruik van alle middelle van die natuurwetenskappe. 12) Natuurwetenskaplik kan die mens slegs bestudeer word wat betref sy liggaam , die stoflike selfstandigheid wat in tyd en ruimte waargeneem , ondersoek , gmeet en geweeg kan word. Dit is die wese van die mens om liggaamlik , sinlik te wees. 13) Die pneuma is psigies georganiseer en moet kragtens sy natuur in 'n liggaam woon. Die

7) van Asch : op.cit. , 14.

8) Boodt : Reformatie Calvinistich Denken , 143.

9) van Asch : op.cit. , 14.

10) ibid. , 15.

11) Analysis has for its chief function to prepare the way for synthesis - Herbert Spencer.

12) Coetzee : Algemene Teoretiese Opvoedkunde , 110.

13) Bavinck : Gereformeerde Dogmatiek , 521.

liggaam word eers uit die stof van die aarde gevorm en daarna word die asem van die lowe in hom geblaas. Die liggaam is onheet stof (Adam). Net so wel as die siel maak die liggaam die wese van die mens uit.

Die liggaam is in die eerste plok die werklikheid van die mens. Vir amper elke mens is die stelling : "Ek is liggaam , dus bestaan ek" eerder te aanvaar as die wysgerige stelling van Descartes : "Cogito ergo sum". 14) Dis die liggaam wat iets uitdruk in die eenheid van liggaam , drifte , gevoel en verstand ; dit gee vorm aan en verwerklik die totaal van wat ons is. Eers deur ons liggaamlike bestaan word ons syn vir ons werklikheid ; ons ervaar dit as realiteit. 15)

Dat ons met die liggaam doel het aan ander skepsels laat Dooyeweerd ons in sy individualiteitstrukture duidelik sien. Die onderskeid word gemaak tussen : 16)

(1) Die fisiese liggaamstruktuur waarin die eerste drie subjeksfunksies (getal , ruimte , beweging) verbonde is tot 'n individualiteitstruktuur. Dit is die struktuur van die fisies-chemiese stowwe wat vir die organiese opbou van ons liggaam nodig is (gemeenskap met stof).

(2) Die biotiese liggaamstruktuur van die lewende organisme. Hierdie struktuur is op die eerste struktuur , die fisiese , gefundeer ; dit kan sonder die fisiese struktuur nie bestaan nie. In hierdie struktuur speel die outonome sensustelsel 'n rol (beweging , asemhaling , voortplanting) (gemeenskap met plant).

(3) Die psigiese liggaamstruktuur van die sinlike gevoelslewe. Ook hierdie struktuur is op die vorige gefundeer. Die animale sensustelsel vervul hier 'n belangrike rol in die beheersing van die gevoelsprosesse. Hiermee is ons op die niveau van die instink soos die dier dit besit (gemeenskap met dier).

14) Descartes : Discourse on Method , 167.

15) van Asch : op.cit. , 17.

16) Spier : op.cit. , 64.

N.b. : Dooyeweerd het op grond van hierdie en ander onderskeidings 'n hele filosofie opgebou ; die gebruik van hierdie onderskeidings mag ewewel nie tot die gevolgtrekking lei , dat die filosofiese sisteem van Dooyeweerd by hierdie verhandeling vir ons doel van belang sou wees nie.

(4) Die „act“-struktuur van die liggaam waardeur die mens - op grond van en ten nouste verbonde aan die voorgaande drie strukture - in staat is tot 'n gesprek met die werklikheid. Alhoewel psigiese funksies is saamgegroepeer en hierbinne speel hom die menslike akt-lewe af in sy drie grondvorme van ken, verbeel en wil. Dit kom in die dierclewe nie voor nie.

Die akt-struktuur druk sy stempel ook op die drie ander funderende strukture af; diensengevolge is daar 'n tipiese onderskeid tussen die liggame van mens en dier. Die menslike liggaam is gekonsentreer in die diepte van die religieuse hart. Daarom kan die liggaam van die mens, wat deur vernuwende genade 'n lid van die liggaam van Christus geword het, 'n tempel wees van die Heilige Gees.

'n Tempel is 'n stoflike ruimte waar die godheid hom openbaar, waar hy woon, werk en gedien word. Die besondere plek van die liggaam word aangedui met die woord „Tempel“, omdat, soos blyk, God juis daarin die verwerkliking wil sien van wat die mens vereer. 17)

Die liggaam is ook die vorm van iets; dit is die gestalte van die individuele bestaan. 18) In ons liggaam ervaar ons onself, ons eie. Dis die realisering van ons eie innerlike subjek. In hierdie liggaam kom die liefde tot onself ook tot uiting; ons wil dit bekijk (spieël). In houding en beweging ervaar ons daaglik wie en wat ons is. Word die liggaam aangeraak, dan word die wese aangeraak, die „self“. Dit is die „ek“ van die diepste innerlike wese. 19) So tref liggaamlike straf nie net die liggaam nie; dit tref die wese. Dieselfde gold vir liefkosing. Want ons het nie ons liggaam nie, maar ons is liggaam. 20)

Die menslike liggaam is die m e n s l i k e liggaam. Dit is nie net „een of ander lewende organisme“ nie wat mens na sy anatomiese, fisiologiese en biochemiese eienskappe kan onder-

17) van Asch : op.cit. , 17.

18) ibid. , 18.

19) Waterink : Zieleleven , 15.
Oldewelt : Plaats van de Mensch , 208

20) van Asch : op.cit. , 18.

soek en beskrywe nie. Dit is dit ook , maar dit word op dié manier nie in sy wesenlike sin verstaan nie. Hierdie lewende georganiseerde materie is moment (onlosmaaklike deel) van 'n eenheid wat „mens" genoem word. Ons verstaan hierdie mens nie as ons sy liggaamlikheid uit die oog verloor. Ewemin verstaan ons die mens as ons sy geestelikheid uit die oog verloor. En ons verstaan hom nog steeds nie , as ons sy liggaamlikheid en sy geestelikheid nie in sy spesifieke eenheid ken nie — 'n eenheid van syn en van funksie. 21)

Ons liggaam is dus die vorm van ons individuele bestaan ; in die liggaam kom ons die gehele mens teë. Uit houding en beweging kan die mens afgelei word. Deur voorkoms word baie weergegee : Konflikte , onrus , simpatie , eie-liefde , onsovoort. Onder die indruk van die uiterlike verskyning van Goethe roep Napoleon uit : „C'est un homme!" 22)

Die liggaam is belydenis , gestalte-gewing aan die ewige sin van die mens. Belydenis is nie in die eerste plek 'n saak van die inteltek , van die denke of van die taal nie , maar dit is gestalte van die lewe , waarin die lewensgeheel tot getuënis en tot gelykenis geheilig is. As gevolg hiervan , dring alle belydenisse aan op die lewend-wees , en juis daarmee is die laaste en die beslissende oor die betekenis van die liggaam gesê , dat dit 'n belydenis moet wees. (Stählin : De betekenis van het Lichaam , 96). 23) Omdat liggaam belydenis is en moet wees , daarom word die liggaamlike lewe ook volkome ernstig gesien , aan alle veragting en onverantwoordelike onverskilligheid onttrek en met 'n laaste en heilige betekenis vervul. (Stählin : op.cit. , 99.) 23)

§ 3. Die Siel.

Die siel van die mens is nie 'n stoflike selfstandigheid nie. 24) Dit is 'n geestelike selfstandigheid met 'n eie oorsprong , wese en bestemming. Die probleem van die siel is 'n

21) Langeveld : Persoonlikheidsontwikkeling (uit: De Lichamelijke Opvoeding , Jrg.28 , 156.)

22) De Lichamelijke Opvoeding , Jrg. 24 , 379.

23) van Asch : op.cit. , 21.

24) Coetzee : op.cit. , 110.

metafisiese , 'n bo-natuurlike probleem. In teenstelling met die bestudering van die liggaam waarby ons die middele van die natuurwetenskappe tot ons beskikking het , kan ons met dié middele geen direkte kennis van die siel as sodanig kry nie ; dis slegs uit sy funksies wat ons die siel ken. Uit die werke aanvaar ons - gelowig of ongelowig - die bestaan van die siel. Die werkinge is ewemin stoflik ; hulle is heeltemal geestelik , al word die uitinge merkbaar in , aan en deur die liggaam van die mens. Die siel is die innerlike lewensbeginsel , die grond van verskyning en beweging ; sonder hierdie beginsel is die menslike natuur en bestaan ondenkbaar. Die siel is die aan die stof gebonde individuele lewe , die asem , die pols , die lewe (in teenstelling met die dood). 25) Die asem van die lewe is die lewensbeginsel , die lewende siel is die wese van die mens. 26) Met die dood hou die siel op , dit keer terug by die opstanding. 27) Siel is die lewend-wees van die liggaam. Adam het nie 'n siel gekry nie , maar word deur die inblaas van die lewensasem tot 'n lewende siel. 28) Die siel is alles wat in 'n lewende wese in die algemeen en in 'n menslike wese in die besonder aan lewensbeweging (uiting in asem , setel in bloed) en aan sielsbeweging (uiting vernaamlik in begeerte) aanwesig is. Dit is bewens 'n karakteristikum wat die besitter maak tot 'n kenmerk as 'n lewende wese , c.q. 'n persoon. (Becker : Het begrip Nefesj in het Oude Testament , 116). 29) Die siel verlei die aktiwiteit van die stof , wat nie wil lewe nie , deur lis en speelse bedrog tot lewe. Dit maak ongeloofwaardige dinge oortuigend sodat die lewe lewe; dit is vol valstrikke en voetangels sodat die mens tot sy val kom , die aarde bereik , hom daar verwar en daaraan bly hang , opdat die lewe lewe. As die beweging en die skittering van die siel daar nie was nie , dan sou die mens vergaan en verstik in sy grootste hartstog , die traagheid. 30)

25) van Asch : op.cit. , 13.

26) Bavinck : op.cit. , 517.

27) van Asch : loc.cit.

28) Génesis 2 : 7.

29) van Asch : op.cit. , 14.

30) Jung : Psychologische Beschouwingen , 16.

Word siel in godsdienstige sin gebruik , dan staan die intensiteit van die gevoel op die voorgrond — gevoel wat liggaamlik gebonde , wat nie „onsterflik" is nie. Prakties gaan elke vorm van religieuse aktiwiteit van die hart uit. Die openbaring van JHWH rig hom ook tot die hart ; dis die hart wat herhaaldelik optree as ontvanger van God se woorde. Daarom kan ons die hart beskou as die brandpunt van die religie. (Von Meyenfeldt : Het Hart - Leb , Lebab - in het Oude Testament , 182). 31)

Siel is die mens , omdat die geestelike bestanddeel by hom van die eerste oomblik af , in onderskeiding met die engelo, op 'n liggaam aangê , vir 'n liggaam georganiseer is ; omdat hy deur dié liggaam aan die aarde en ook vir sy hoër lewe aan die sinlike en uitwendige gebonde is ; omdat hy tot die hoër eers vanuit die laere kan opklim ; omdat hy dus 'n sinlike , stoflike wese en as sodanig aan die diere verwant is. 32)

§ 4. Die Siel-Liggaameenheid.

Die psigiese het as kenmerkende eienskap dat dit tegelykertyd somaties gebonde is ; en die liggaamlike van die mens het as onmiddellike eienskap dat dit tegelykertyd psigies is. Die gehele liggaam is besiel , psigies deurleef , en al die psigiese is aan die somatiese gebonde en het in die somatiese 'n basis. 33) Net soos die stof van die liggaam , wat bereid is om te lewe , die psigiese nodig het om werklik te kan lewe , so moet ook die siel die lewende liggaam vooropstel sodat sy beelde kan lewe. 34) Die moontlikhede van gevoel , verstand en drif is liggaamlik gebonde , is ondenkbaar sonder die liggaam. Die aard van die vereniging van siel en liggaam is onbegryplik ; die vereniging het egter die eienskap dat dit besonder sterk is ; dit is so innig dat een natuur , een persoon , een ek die subjek van albei en van al hul werksaamhede is. Dit is steeds dieselfde siel wat sien deur die oog , dink deur die harsings,

31) van Asch : op.cit. , 14.

32) Bavinck : op.cit. , 518.

33) Waterink : Oorsprong en wezen van de Ziel , 153.

34) Jung : op.cit. , 4.

gryp met die hand , wandel met die voet. 35) Die liggaam kan en mag dus nooit stoflik gesien word , materieel opgevat word nie , omdat dit onverbreeklik verbonde is met die lewe , die lewensasem , die siel. Die mens is 'n integrale wese , hy funksioneer as totaliteit van liggaam en siel. Houding en beweging , al ons handelinge is die gevolg van die totaalstruktuur en kan nie net of liggaamlik of psigies verklaar word nie. Dat hiordie sienswyse konsekwensies in hom dra vir die liggaamlike opvoeding , kan maklik ingesien word.

'n Wye strekking het die realisme in die Bybelse psigologie wat ook die liggaam in organiese samhang met die siel-lewe bring. Hier word die menslike eksistensie in die liggaam tot in alle konsekwensies erken. Want die liggaam is nie die voorwerp wat ons besit en wat buite ons eintlike syn staan nie; dit is nie slegs die natuurlike fondament en die werktuig waarop ons aangewese is , wat egter nie tot ons wese behoort nie , maar dit is die lewende gestalte van ons wese , die noodsaaklike uitdrukking van ons individuele bestaan , waarin die sin van ons lewe sy verwerkliking moet vind. Die liggaam is in al sy dele op te vat as draer van die geestelik-persoonlike lewe wat onder die „appel" van God staan en adeldom besit deurdat dit die beeld van God is (Eichrodt:Theologie des Alten Testaments, 75-76). 36)

§ 5. Die Gees.

Naas die begrip „siel" spreek die Bybel ook van 'n ander begrip , naamlik „gees". Word die siel beskou as die setel en die substansie van die lewe , die gees dui aan die beginsel en die krag. 37) Die mens het gees , maar is siel ; die engels daarenteen is alleen geestes , die diere alleen (lewende) siels. Die menslike gees is die kern van 'n bepaalde mens , die kern van die persoonlikheid , wat alle psigiese funksies deurtrek en die hele menslike natuur dra. Die ek of die gees bepaal die

35) Bavinck : op.cit. , 521.

36) van Asch : op.cit. , 15.

37) Coetzee : op.cit. , 112.

voorhandene ; dit gee die rigting of sin daaraan ; dit bedien hom van die psigo-somatiese struktuur , van die self (Waterink). 38) Van hierdie ek gaan 'n integrerende werking uit waardeur dit homself in liggaam , drif , gevoel en verstand in 'n onverbreeklike samehang uitdruk.

Gees is die mens omdat hy nie soos die diere uit die aarde voortgekom het nie , maar omdat die asem van die lewe hom ingeblaas is deur God , omdat hy 'n lewensbeginsel van bo , uit God het , omdat hy 'n eie gees het in teenstelling met die Gees van God , omdat hy as sodanig aan die engels verwant is , ook geestelike , hemelse dinge kan bedink en desnoods ook sonder 'n liggaam kan bestaan. 39) Die menslike gees bly nie gebonde aan die liggaamlike beperking of grense nie , maar verhef hom met sy gedagtes bo plek en tyd. Die menslike gees , ofskoon gebonde aan die voertuig van sy tydruimtelike , beperkte organisme , verkeer met sy gedagtes in verre lande , in verlede of toekoms en bewys in homself dat dit uitgestyg het bo die gebondenheid , aan plek en tyd. 40)

In die Heilige Skrif word dikwels die hart die orgaan vir die lewe van die mens genoem. Behalwe sentrum van die liggaamlike lewe , is dit dan tevens oordragtelikerwys die grondslag en die bron van alle psigiese lewe , van aandoenings en hartsogte , begeerte en wil , denke en ken. Die lewe wat in die hart sy oorsprong het , word in twee strome verdeel. Indrukke , besef , gewaarwordings , waarnemings , oorleggings , gedagtes , kennis , wysheid het die **voeg** tot orgaan ; hulle word beliggaam in woord en taal. Aan die ander kant het aandoenings , drifte , neigings , geneenthede , begeertes en wilsbeslissings hulle ontstaan ook uit die hart ; hulle word deur die **voeg** geleid en uit hul in die daad. 41) Die mens is wonderbaarlik ryk georganiseer en as gevolg daarvan kan hy God as die hoogste goed op die rykste manier , as 't ware van alle kante , in al sy deugde en volmaakthede gelykvormig word en geniet.

38) van Asch : op.cit. , 16.

39) Bavinck : op.cit. , 518.

40) de Hartog : Modern Heidendom , 81.

41) Bavinck : loc.cit.

As goes is die mens dus aan die onsonlike , as siel aan die sinlike wêreld verwant. Wat betref die goes is die mens selfstandig , onafhanklik (altans betreklik) van die wêreld ; wat betref die siel is die mens afhanklik van die wêreld. Goes en siel dui dieselfde innerlike mens aan , maar van verskillende sy gesien. 42)

Goes mag nie in intellok ontaard nie of daarmee verwar word nie. Toe die goes aan die einde van die middeloeue , en selfs in die loop van die negentiende eeu in intellok ontaard het , het daarop 'n reaksie gevolg teen die onverdraaglike oorheersing van die intellektualisme. Hierdie reaksie het in die begin die fout begaan om intellok met goes te verwar en laasgenoemde aan te kla vir die misdade van oorsgenoemde. (Vergelyk Ludwig Klages : Der Geist als Widersacher der Seele). 43)

Volgens die huidige stand van die wetenskap is dit nie raadsaam om die begrip „goes" deur dié van „harsings" te vervang nie. (McDougall : Outline of Psychology). 44)

Die intellek kan die siel inderdaad skade aandoen as dit hom verstout om die erfenis van die goes te aanvaar , waartoe dit in geen enkele opsig bokwaam is nie. Goes is naamlik hoër

42) Cootzee : op.cit. , 112.

43) Volgens Klages is die menslike geesteslewe die uitingsvorm van die noëtiese , nie net geen roemvolle , gawe openbaring van die lewe , selfs geen travestie waarmee die lewe hom noodgedwonge weet te behelp nie ; dit is beslis vyandig teenoor , sonder meer skadelik vir die lewe. Die geestelike kan aan die biologiese nooit enige diens bewys nie ; biologies en geestelik staan onder alle omstandighede antities teenoor mekaar. „Der Geist" is 'n a-kosmiese mag , langsaan en teenoor die „kosmos van „Leben" en „Seele" , die „lebenserstörende" prinsipe. Die lewende mens is die slagveld van die antagonistiese magte. Die „Geist" laat hom geld as intellok en wil , as bewuste doelstellende rasionaliteit. Sy ointlike doel is om te heers. Die essensiële van die goes , waaraan alles ten offer gebring word , is om die toekoms in sy mag te hê. Die hele menslike bestaan kom onder die ban van die heerskappy van die goes. Die cogitare belemmer die vivere. Deur die logo-sentriese lewenstyl kom die mens buitekant die stroom van die ware lewe te staan. In toenemende mate word hy die karikatuur van 'n gawe , gesonde stuk lewende natuurwerklikheid. Volgens Klages kan daar maar een uitweg wees : die vervanging van die logo-sentriese lewenshouding deur die bio-sentriese. Die logiese „Geist" moet uitgedryf word en die nie-logiese „Seele" van sy dwinglandy bevry word. Die hoof moet swyg , net die hart moet spreek. In die plek van die intellek moet die intuïsie , van die wil die instink en die drifte , van die etiese die kosmiese tot heerskappy gebring word.

44) Langeveld : Wijsgerig Denken , 167.

as intellok , aangesien dit nie net die intellok nie , maar ook die gemood omvat. Die gees is 'n rigting en 'n prinsipe van die lewe wat na bo-menslike hoogtes strowe. 45)

• Sonder siel is die gees netso dood as die stof ; albei is kunsmatige abstraksies terwyl in die oorspronklike opvatting die gees 'n vlugtige liggaam en die stof besiel is. Die lewe is 'n kriterium vir die waarheid van die gees. Lewe en gees is twee noodsaaklikhede waartussen die mens geplaas is. Die gees gee aan die lewe van die mens die sin en die moontlikheid van die grootste ontplooiing. Die lewe is egter noodsaaklik vir die gees , want die waarheid van die gees beteken niks as dit nie kan lewe nie. 46)

§ 6. Samovattend : Persoonlikheid.

Die mens is inderdaad 'n enige verskynsel onder die lewende wesens. Die dier is soos dit is ; blykbaar kan dit nie anders nie. Dit is bepaal , gebonde. Die mens het egter die gawe ontvang om ook anders te kan wees as hy so wil ; hy kan hom verander ten goede of ten kwade. Daar is 'n sekere mate van vryheid ; binne die grense waaraan hy gebonde is , kan hy vry handel. 47 Die mens is vry om hom volgens sy vermoëns uit te lewe of nie. Hy kan volkome word al na gelang sy aanleg ; maar hy is aan die ander kant vry om sy vermoëns te laat afsterwe. Die verwesenliking van die moontlikheid wat hy is , word aan homself oorgelaat. Die mens is in staat om , as hy dit wil , selfstandig sy houding te bepaal teneinde van die wêreld waarin die Skepper hom geplaats het , al kan hy dit nie volkome na willokeur doen nie. Hy is vantevore min of meer bepaal deur karakter en aanleg ; nogtans is hy vry in sy wilsbesluite ; hy kan 'n standpunt inneem teenoor die wêreld en die lewe. Die ontplooiings- , die ontwikkelingsmoontlikheid wat daar steeds vir die mens bestaan , kan hy dankbaar aanvaar ; hy kan dit ook van die hand wys. As hy die moontlikhede realiseer , sy vermoëns ontplooi , aan sy roeping gevolg gee , dan word die mens sy uitsonderlike waar-

45) Jung : op.cit. , 236.

46) ibid. , 251.

47) Koers II , 5.

digheid waardig. 48)

Wat die mens dus van ander wosens onderskei, is nie net of soseer sy verstand nie, maar sy ingeskepe vryheid. Hierdie vryheid is nie willokeur of absolute vrymag om te wees wie en soos 'n mens wil nie, byvoorbeeld om 'n ander persoon te wees as die wat mens kragtens sy psigiese struktuur is nie, maar dit is die vryheid om aan die beeld van God te beantwoord of nie; met ander woorde, om aan sy eintlike bestemming te beantwoord. (van Wijngaarden : Hoofdproblemen der volwassenheid, 35). 49)

En so word die persoonlikheid gebore : 'n georganiseerde en tot selfbewussyn en selfbeheersing gekome siel. 50) Potensieel word die mens as 'n eenheid, 'n ek gebore en in die eenheid wortel al sy sielefunksies. Omdat die mens 'n eenheid is, is hy in die kern reeds persoonlikheid, maar hy moet dit ook nog in sy openbaring na buite word. Hy is dus potensieel persoonlikheid en moet ook aktueel in die praktyk met al sy teenstellings persoonlikheid word.

Elke persoonlikheid word gedra deur 'n „persoon“. Hierdie persoon is die kern, die eintlike bewus-handelende subjek in die mikrokosmos wat ons mens noem. Hierdie persoonsprinsipe, hierdie „onsterflike siel“, ook in samehang met alle menslike psigiese funksies en eienskappe „gees“ genoem, is dat wat aan die mens die „ek-bewussyn“ gee. 51) Die persoon is die subjek wat denk, wat leef, wat wil, wat handel en wat daartoe die natuur met sy gehele ryk inhoud gebruik. 52) Die wedergebore mens dra volle verantwoordelikheid vir sy doen en late. Die persoon van die mens en sy gees sal, geregeer en beheers deur die Gees van God, deur die krag van die Gees, gesag moet voer oor alle natuurlike gewes en kragte wat God aan die mens geskenk het. 53)

48) Feber : op.cit., 118 et seq.

49) van Asch : op.cit., 17.

50) Koers II, 166.

Waterink : Theorie der Opvoeding, 551.

51) ibid., 219.

52) ibid., 233. Boasson : Bestemming van de Mens, 63.

53) Waterink : op.cit., 236.

Hamate die mens betoer in staat is om die gawe en kragte wat hy van God ontvang het as eenheid te openbaar in die samehang van die lewensgemeenskap, na dié mate noem ons hom ook meer persoonlikheid. 54)

Ons sien dus dat ons geen enkele reg het om te spreek oor die materiële liggaam, om die liggaam te verag, om dit as oorsaak van sonde te beskou en om aan die ander kant die gees as die hoëre te beskou nie. Die Bybel wys in die algemeen op die eenheid en die samehang van die totale mens in al sy funksies. Mens kan dus slegs die gevolgtrekking maak dat die liggaam 'n enorme betekenis as tempel het, as belydenis, as gelykenis, as verwerkliking van die wet van God, of van Satan se wil. Die aanvaarding van sy liggaamlike werklikheid gee die mens die lewensblyheid en die lewensvryheid waaruit die Christen kan en moet lewe. 55)

Die mens is 'n gewetenswese; 'n wese met 'n geestelike lewe, maar ook met 'n sin vir die werklikheid, 'n werklikheid wat deursigtig word deur die orde van die Geheel wat daarin gesien word. Die mens is die wese wat dit kan sien, wat dit mag sien, wat bestem is om dit te sien, wat op dié manier homself en sy plek verstaan. 56) Hy is die enigste wese in die skepping met 'n buitengewoon lang jeug, die enigste wese in die skepping wat besonder onaangepas aan sy lewensituasie in die lewe tree, die enigste wese in die skepping wat dienooreenkomstig opvoeding behoef en opvoeding verskaf. 57) Die mens is die wese wat die howenierskap leer in die tuin van God. 58) Dis die hoogste skepsel, ryk geïnstrumenteer met tallose gawes en kragte. Waar die mens met sy gawes sy Skepper dien vanuit 'n lewend gemaakte hart, daar toon die mens iets van die rykdom van die beeld van God wat eers in die geheel van die nuwe mensheid tot sy volle ontplooiing kan kom, as almal die Here sal ken van

54) Waterink : op.cit., 241.

55) van Asch : op.cit., 22.

56) Langeveld : op.cit., 240.

57) ibid., 241.

Korpershoek : Doel en Plaats, 14.

58) Langeveld : op.cit., 241.

die grootste af tot die kleinste toe. 59)

Die mens moet bereid wees om dit wat hy as hoog en edel leer ken , erken en herken het , tog ook weer in diens te stel van Hom uit Wie , deur Wie en tot Wie alle dinge is. Mens offer naamlik nie die slegste nie. 60)

59) Spier : op.cit. , 68.

60) van Aard: loc.cit.

BIBLIOGRAFIE.HOOFSTUK IV.

- Bavinck , H. : Gereformeerde Dogmatiek. Deel II.
 Boasson , J.J. : De Bestemming van de Mens.
 Boodt , C.P. : De Reformatie van het Calvinistisch Denken.
 Coetzee , J.C. : Inleiding tot die Algemene Teoretiese
 Opvoedkunde.
 - : Opvoedkundige Theorie en Praktyk.
 de Hartog , A.H. : Modern Heidendom.
 Descartes , R. : A discourse on Method.
 Feber , L.J.M. : Mensch en Humanisme.
 Jung , C.G. : Psychologische Beschouwingen.
 Klages , L. : Der Geist als Widersacher der Seele.
 Koers in die Krisis , II.
 Korpershoek , J.M.J. : Doel en Plaats der Lichamelijke Opvoeding
 onder de huidige Cultuur-omstandigheden.
 Langeveld , M.J. : Op weg naar Wijsgerig Denken.
 Oldewelt , H. : De Plaats van de Mensch in de Totaliteit van
 het Leven.
 Spier , J.M. : Wat is Calvinistische Wijsbegeerte?
 van Asch , J.C. : Gymnastiek gezien vanuit een Christelijke
 beschouwing omtrent de mens.
 van der Leeuw , G. : Wegen en Grenzen. Studie over de verhouding
 van Religie en Kunst.
 Waterink , J. : De oorsprong en het wezen van de ziel.
 - : Ons Zielsleven.
 - : Theorie der Opvoeding.

Tydskrif : De Lichamelijke Opvoeding. Orgaan van de
 Vereniging van Leeraren en Onderwijzers in
 de Lichamelijke Opvoeding in Nederland.

HOOFSTUK V.

'N BEPALING VAN DIE VERSKILLEND KATEGORIEË VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDING.

---,---

§ 1. Liggaamsbeweging en liggaamsoefening.

Letterlik opgevat , is liggaamsbeweging niks anders as beweging van die liggaam nie. Afgesien van alles wat met 'n sistematiese ontwikkeling van die liggaam verband hou en slegs die aandag bepalende by wat die woord liggaamsbeweging inhou , is dit duidelik dat die boer agter sy ploeg , die naturel op sy trapfiets liggaamsbeweging het. Dit wil ewewel nog nie sê dat hul ook aan liggaamsbeweging d o e n nie , want dit veronderstel 'n opsetlike uitvoer van liggaamlike beweginge. 1)

Oor die algemeen is alle liggaamsoefening liggaamsbeweging en in die reël word vir oefening van die beweging gebruik gemaak. Daarmee is egter alle beweging nog nie oefening nie. Dit is vir die vakman om dit te beoordeel en ook hier nog sal baie verskil van mening heers.

In elke mens bestaan daar 'n behoefte aan beweging. Die kind het 'n enorme instinktiële drang tot vryheid om te beweeg. Die suigeling in die wieg protesteer heftig teen enige verandering om vry te kan beweeg. Elkeen wat 'n lang tyd in die huis gesit het , voel iets in hom opkom wat hom tot liggaamsbeweging noep. Mens gee jouself dan tydens die wandeling geen rekenskap van die manier waarop mens aan die bewegingsbehoefte voldoen nie ; daar is ook nie 'n poging om 'n beeld te vorm van die resultaat van die liggaamlike werkzaamheid nie. Hoofsaak is dat die liggaamsbeweging gedoen word as gevolg van 'n drang om in die behoefte te voorsien.

Alle liggaamsbeweging word weldra liggaamsoefening , as daar opset aan die uitvoer verbonde is , as daar 'n bepaalde doel mee gepaard gaan , as die bewegings spesiaal uitgesoek word om met gebruikmaking daarvan een of ander invloed uit te oefen. Die uitsoek kan geskied aan die hand van anatomiese ,

1) de Vries : Lichamelijke Oefening , 9.(Verdieping&Belyning I)

fisiologiese , pedagogiese en tegniese kennis en ervaring. Op sistematiese wyse kan die metodies gerangskikte leerstof aangebied word ; ook kan die stof bymekaar gemaak word na die keuse van die beoefenaar self. Die vorm van uitvoering is dan min of meer afhanklik van sy fisieke aanleg en geaardheid. 2)

Geykte vorme van liggaamsoefeninge in diens van liggaamlike opvoeding is : gimnastiek , spel en sport.

§ 2. Gimnastiek.

Om oor 'n onderwerp gedagtes te kan wissel , is dit voor alles noodsaaklik om goed die betekenis te definieer van die tegniese terme wat gebruik word. 3) Verder is die etimologiese afleiding van belang , nie net vanuit taalkundige oogpunt nie , maar ook om die volgende rede : etimologieë maak dit vir ons moontlik om werklik deur die mens beleefde situasies te ontdek wat daarin met volle aktuele frisheid bewaar gebly het. 4)

(a) Etimologie. Dis duidelik dat die woord gimnastiek afgelei is van die Griekse woord „γυμνος“ , wat „nakend“ beteken. Na alle waarskynlikheid - die groot aantal standbeelde wys ook daarop - het die klassieke Grieke heeltemal ontkleed aan die oefeninge deelgeneem. Baie ander woorde is van die woord „gymnos“ afgelei , soos „γυμναζειν“-om te oefen , „γυμνασιον“-sport- en gimnastiekskool , „γυμνασια“-geoeëndheid , „γυμναστικός“-sportman , en so meer.

Die woord „gimnastiek“ is eintlik 'n adjektief waaronder verstaan word „kundigheid“. Die uitgang „-iek“ wat ons nog vind in woorde soos politiek , onergiek en dergelike is deur die Duitse uitgang „-isch“ verdring , sodat mens nie meer van „gimnastieke“ in die plek van „gimnastiese“ kuns (gimnastie , vergelyk : pedagogiek en pedagogie) kan praat nie. 5)

(b) Definisie. Aan gimnastiek word die mees uiteenlopende betekenis gegee. Die verskil vloei hieruit voort dat gimnastiek allerlei elemente bevat wat mens afsonderlik na vore kan

2) Na 75 jaar , 289.

3) Hébert : De Sport , 5.

4) Ortega y Gasset : Zelfinkloer en verbijstering , 165.

5) Hecker en Heyn : Geschiedenis , 2.

6) Verslag Congres '39 , 81.

bring. Deurdat mens slegs een of ander deel eensydig beskou , kom jy maklik tot 'n eensydige bepaling. 6) Gimnastiek kan opgevat word as 'n wetenskap of as 'n leervak of as 'n sisteem van liggaamsbeweginge. Hierby moet ons ewewel weer beseef dat nie alle beweginge van die liggaam onder die term „gimnastiek" val nie. Bewegings in die daaglikse lewe wat ons by ons daaglikse arbeid maak , behoort nie tot die gebied van die gimnastiek as sodanig nie. 7)

Die definisie waaroor alle skrywers dit eens is , is as volg : „Die kuns om die liggaam te versterk en te oefen". Amoros , 'n bekende Franse liggaamlike opvoeder , het dit aldus definieer : „Beredeneerde kuns van ons bewegings". 8)

(c) Waarde. In die stelselmatigheid 9) van gimnastiek lê sy krag ; mens bedryf dit omdat dit om een of ander rede nuttig is. Tot gimnastiek kom mens na oorlog ; die gimnastiek ontstaan uit denke. 10) Die oefeninge word gegee met 'n bepaalde doel tot vorming. Van hierdie doel hang dit af hoe die gimnastiek daar as sisteem sal uitsien. Die doel word naamlik bepaal deur verskillende faktore waarvan die mensbeeld die vernaamste is. Hierdie beeld beslis oor die waardering van die liggaam en bepaal die „waarom" asook die „hoe" van die ontwikkeling daarvan. Die wenslikheid of noodsaaklikheid hang af van die denkrigting, van die mensbeskouing. As gevolg daarvan is daar so 'n groot verskeidenheid van gimnastieksisteme.

Gimnastiek is in die liggaamlike opvoeding onmisbaar ; dit is van fundamentele betekenis en mag nie vervang of verdring of te veel teruggedring word deur spel , atletiekvorme of sportvorme nie. 11)

(d) Algemene opmerkings. Kultuur en beskawing het menige veranderinge aangebring in die lewe van die afsonderlike individu sowel as van die sosiale gemeenskap. Enger behuising ,

6) Verslag Congres '39 , 81.

7) Guths-Muths (vide p.27) het die liggaamlike beroepsarbeid wel in sy sistematiek opgeneem. (Verslag Congres '39 , 106).

8) Hébert : op.cit. , 13.

9) Winkler Prins : Encyclopaedia VIII , 590.

10) van Asch : Gymnastiek , 23.

11) Korpershoek : Doelstelling en grondbeginsels. (Uit : De Lichamelijke Opvoeding , Jrg.27 , No.21 , 475.

toenemende arbeidsverdeling , die steeds skerp afbakening van kleiner werkkringe vir die enkeling , die toenemende afhanklikheid van mekaar in die samelewing , gemaklike lewe en bewegings-traagheid — dit alles het tot noodwendige gevolg 'n beperking in die vorming van natuurlike vermoëns , 'n vermindering van die omvang van beweging in die afsonderlike gewrigte en daarmee 'n regstreekse onbeweeglikheid wat meestal slegs min of meer eensydig gerigte bewegingsdoeleindes laat bereik. Hand in hand daarmee gaan die vermindering van die spierkrag deur baie beroepe , veral deur dié waarby langdurige werk en noukeurigheds-werk verrig moet word. Deur die noodsaaklikheid van nasionale instandhouding kom die kultuurvolke tot 'n kunsmatig gevormde liggaamsbeweging wat in die algemeen beskou kan word as 'n middel om die gebrek aan beweging uit die weg te ruim. By hierdie algemene liggaamsvorming skyn met die toenemende beskawing die kompensasie van die liggaamlike minderwaardighede van die kultuurmens en tegelykertyd die grondslag van alle bewegings-beheersing en bewegingskuns steeds groter betekenis te kry. 12)

'n Goed toegepaste , sistematiese , liggaamlike oefening , veral op skole , verdien die voorkeur bo alle andere vorme ; dit kan meer inooreenstemming wees met 'n natuurlike ontwikkeling van die individu en meer vrugdraend. 13) Dit kan moontlik nie altyd en heeltemal strook met die moderne pedagogiese sienswyses nie ; die nuwe deurdenking van die biologiese en psigologiese kante van liggaamlike opvoeding kan daartoe lei dat aan die vrye spel vir die liggaamlike ontwikkeling van die opgroeiende mens meer betekenis geheg word , dat die groot waarde van sport almeer besef word. 14) Dit alles neem nie weg dat gimnastiek kwaliteite in hom dra wat die ander kategorieë beslis nie het nie. Daarby het in die loop van die tyd die ou rasionalisties uitgedagte stelsel van liggaamlike oefeninge ook 'n wysiging ten goede ondergaan , sodat die jong mens daardeur weer op 'n heeltemal ander wyse as vroeër geboei en

12) Bogong : Der Sport , 235.
 Korpershoek : Doel en Plaats , 23
 13) Na 75 jaar , 291
 14) Verslag Congres 139 , 75.

as 't ware oortuig word. 15)

Nieteenstaande die feit dat gimnastiek hoër gekwalifiseer sou kan word , bly daar steeds die gelooftheid om dit ter wille van die deeglikheid en omvangrykheid van liggaamlike opvoeding nog verder aan te vul met spel en sport.

Die kunsmatige vorming van die liggaamsbeweging sluit nie 'n onnatuurlikheid van beweging in nie. Ons moet bly soek na dié vorme en funksies wat die organisme in optimale kondisie hou of terugvoer ; hierdie vorme is biologies normaal. 16)

Hierdie opvatting van die normaliteit waarby elke individu , orgaan of funksie sonder vergelyking met andere van gelyke soort beoordeel word in verband met die situasie , die momentele toestand en die individuele lewensloop , is in die geneeskunde verbrei sedert ons onder invloed van die leer van die konstitusionele disposisies die gesondheid en siektetoestand minder statisties en meer individueel beoordeel het. Normaal is geskiktheid om te kan beantwoord aan die eise deur die omstandighede gestel.

Word die biologiese normbegrip op ons bewegings toegepas , soos dit in die liggaamlike opvoeding geskied , dan is dié motoriek normaal as dit daartoe bydra om 'n optimale gesondheid te handhaaf. Met hierdie higiëniese grondslag vir liggaamlike opvoeding ontsnap mens egter nie aan die noodsaaklikheid om ook die kultuuumstandighede in aanmerking te neem nie. Dit bly steeds die vraag of mens die omstandighede (byvoorbeeld die lewenswyse van die kinders , kantoorpersoneel) moet verander , of dat mens dit moet aanvaar en die aanpassing aan die omstandighede moet verbeter.

Vir die teorie van die aanleer Van bewegings beide van sportiewe aard , soos 'n sprong , 'n worp , perdry , en van industriële aard , soos sekere handgrepe , was dit van belang dat die statistiese normbegrip verdring is deur die biologiese. Daarmee is aan die skematisering van die leermetodes , wat vir

15) Verslag Congres '39 , 76.

16) Buytendijk : Menselijke houding en beweging , 543.

h lang tyd oorheers het , h end gemaak , en die ,normalisering' van die bewegingsuitvoering in beginsel verlaat en h groter vryheid aan die individuele variasies gegee. 17)

§ 3. Spel.

(a) Etimologie. Spel is h bedrywigheid wat hoofsaaklik dien tot ontspanning en verstrooiing , soms ook tot ontwikkeling of versterking van die liggaam. 18) Ofskoon die spel in alle eeue en oor die gehele wêreld beoefen is en word , is die etimologiese afleiding van die woord onbekend en die gebruik daarvan baie uiteenlopend. 19)

(b) Definisie. In engere sin is spel die selfgekoose , vrye bedrywigheid van liggaam of gees , wat uitgeoefen word om die genot. Die formele trekke kan as volg opgesom word :-

spel is h vrywillige handeling wat heeltemal bewus buitekant die gewone lewe as nie-ernstig-bedoel beskou word nie , 20) maar wat terselfdertyd die speler geheel en al in beslag neem. Dit is h handeling wat nie met enige materiële belang gepaard gaan nie ; geen voordeel kan by die spel verkry word nie. Dit word beoefen binne sy eie gronse van tyd en plek in ooreenstemming met die vasgestelde reëls en op h ordelike manier. Dit bevorder die vorming van sosiale groepe. 21)

(c) Waarde. h Doelmatig gekoosde spel het as afwisseling van ernstige en moeilike besighede , voral dié van die gees , h heilsame invloed. Vir die kind is dit die „eerste poësie van die lewe“. 22) Spel is van besondere gewig vir die opkomende geslag ; seuns en dogters het hul geliefkoosde spele. Nooit is h spel h ledige vermaak nie ; eerder voldoen dit aan een van die diepste menslike behoeftes. 23) Dit is h lewendige verbeel-

17) Buytenlijk : loc.cit.

18) Winkler Prins , Encyclopaedia XIV , 560.

19) Tazelaar : Christelike Encyclopaedie V , 235.

20) N.b. : dit neem nie weg nie dat mens h spel tog wel ernstig kan speel. Daar moet ogter onderskeid gemaak word tussen hierdie erns en die erns van die arbeid , van die verplig wees om iets te doen. Die spel word as 't ware op h ander niveau verrig , in die spelsfeer uitgevoer.

21) Huizinga : Homo Ludens , 13.

22) Tazelaar : loc.cit.

23) Der Mensch ist ganz Mensch , wenn er spielt - Schiller.
(uit : Verslag Congres '39 , 91.)

dingswerk ; vir die kind is hierdie fantastiese dink en doen volle erns. Die spel verskaf oefening aan sintuie , verstand , vordraagsaamheid ; dit ontwikkel toelaatbare eersug en gevoel van reg. Spel is voorbereiding vir die lewe deur oefening van die spiere en vorming van die gees. By die spel openbaar die karakter van die kind hom. Deur meedoen en meeding , deur die dra van die verlies het die spel 'n sosiale karakter , dit is 'n stuk maatskaplike opvoeding.

(d) Algemene opmerkinge. Daar is verskillende spelteorieë. Schiller en Spencer beskou spel as die uiting van oortollige energie van die mens ; Stanley Hall sê dit is 'n herhaling deur die individu van die aktiwiteite van die mensheid ; Patrick sien die wese van die spel as 'n ontspanning ; McDougall soek 'n verklaring van die spel in die motief van wedywering ; Freud sien dit as 'n middel vir selfbehoud en selfbeskerming ; Buytendijk sien die spel as openbaring van die lewensdrifte van die mens 24) , en baie bekend is die teorie van Karl Groos waarin onderskei word : die voorbereidings- , die rekapitulasio-, die rekreasie- en die louteringsteorie. 25) Van al die teorieë is die van Groos die mees aanneemlike. 26)

Spel en arbeid is hierin verskillend dat arbeid 'n welbewuste , utilistiese doel het ; 27) spel daarenteen is spontaan en onvermydelik. 28) Spel is handeling van die gedeeltelik ontwikkelde organe , arbeid die handeling van die ryp organe.

Die behoefte aan spel is slegs dringend insover die lus daartoe dit die spel maak. Die spel kan steeds uitgestel word of agterwoë bly. Spel is nie die gewone of eintlike lewe nie ; dit is 'n uittree daaruit in 'n tydelike sfeer van aktiwiteit met 'n eie strekking. Dit is belangeloos ; dit sonder hom af in plok en duur en speel hom af binne sekere grense van plok en tyd. 29) Alles spel is in die allereerste plok 'n vrywillige

24) Coetzee : Empiriese Opvoedkunde , 210.

25) Claparède: Psychologie de l' Enfant , 430 vv.

26) Casimir : Alleen met uzelf , 77.

27) loc.cit.

28) Claparède : op.cit. , 499.

29) Huizinga : op.cit. , 9.

handeling. Mens kan van 'n spel 'n geforseerde nabootsing maak deur spel op te dra. Bevole spel is geen spel meer nie. 30)

Op die speelgrond heers 'n volkome en besondere orde en dit is nog 'n positiewe trek van die spel : dit skep , dit is orde. In die volmaakte wêreld en die verwarde lewe bring dit 'n tydelike , beperkte volmaaktheid. Die spel vereis absolute en die hoogste orde. Enige afwyking van die orde bederf die spel , beroof dit van sy karakter , maak dit waardeloos. Uit die verbondenheid met die orde kom die rangskikking van die spel onder die estetiese voort : die spel het 'n neiging om skoon te wees. 31) Moontlik is die estetiese faktor identiek aan die dwang tot die skep van die geordende vorm wat die spel in al sy aspekte besiel. Terme waarmee ons die elemente van die spel aandui , lê vir die grootste gedeelte in die sfeer van die estetika. Dis dieselfde terme waarmee ons ook die effekte van skoonheid trag om te beskryf : spanning , ewewig , kontras , variasie , binding en ontspanning , oplossing , en so meer. 32) Die spel bind en verlos , dit boei en betower. Dit is vol van die edelste hoedanighede wat ons kan waarneem in die dinge en wat ons self kan uitdruk : ritme en harmonie.

Die element spanning deel aan die spel 'n sekere etiese inhoud mee. In die spanning word die krag van die speler op die proef gestel : sy moed , uithoudingsvermoë , vindingrykheid , maar bowe-al sy geestelike krag. By al sy vurige wense om die spel te wen , moet hy hom stip hou aan die reëls van die spel („fair play“). Oortree hy die reëls , of veronagsaam hy die reëls , dan is hy 'n spelbederwer , 'n spelbreker ; hy beroof die spel van die „illusie“ 33) en bedreig die bestaan van die spelgemeenskap.

Spel word gespeel om die spel , nie in die eerste plek om te wen nie. Mens soek in die spel , solank dit spel bly , die spel en nie die oorwinning of die wins nie. Hoe moeiliker die

30) Krizinga : op.cit. , 7.

31) ibid. , 10.

32) loc.cit.

33) illusie , afgelei van die Latynse „includere“ : om „in-spel“ te wees.

spel word , des te groter word die spanning en daarmee die aantreklikheid. In die eerste instansie speel mens dus om te speel en eers daarna om te wen. „Spel om die spel en nie om die albasters nie". 34) Objektief gesien , het dus die uitslag van die spel geen waarde nie ; dit is onbelangrik , une qualité négligeable.

Hoe ouer die kind word des te meer verander die kinderspel in en word dit vervang deur sport. 35)

§ 4. Sport.

(a) Etimologie. Oor die oorsprong van die woord sport heers onsekerheid. Mens is dadelik geneig om te dink dis van Engelse oorsprong. „'n Engelse woord , waarvan die oorspronklike betekenis verwant is aan spel en skerts". 36) Die oorsprong kan van belang wees , want dit kan aandui wat onder sport in eintlike sin verstaan moet word. 37) Alle werklike sport is inspanning. 38) Sport is inspanning uit vrye keuse , om die sport ontwil , sonder die daaraan verbonde resultaat. Arbeid daarenteen is 'n verpligte inspanning waarby die resultaat wel geld. 39

„Deporte" as woord het in die algemene taal gekom uit die vaktaal van matrose van die Middellandse See wat teenoor hul moeilike lewe op see die lekker lewe in die hawe gestel het. Deporte = „stare de portu" , om in die hawe te wees. Hierdie in-die-hawe-wees beteken ontspanning wat bestaan in die uitgebreide gesprekke van matrose van die mees uiteenlopende volke , maar ook in die krag- en behendigheidspele : jag , steekspele , ringsteek en dans (steeds is die uitdrukking gebruik : „deports et solatz" ; solaces beteken : troos en verligting). 40)

(b) Definisie. Die definisie uit die woordeboek wat vaag en onnaukeurig en vanuit 'n seker standpunt gesien selfs onjuis is , 41) kan nie meer voldoen nie. Daar bestaan dus

-
- 34) Huizinga : op.cit. , 49.
 - 35) Winkler Prins , Encyclopaedia XIV , 560.
 - 36) Tazelaar : op.cit. , 249.
 - 37) vide Afd. A , Hoofstuk V , p. 75.
 - 38) van Asch : op.cit. , 36.
 - 39) Ortega y Gasset , op.cit. , 165.
 - 40) ibid. , 166.
 - 41) vide i.a. Hébert : op.cit. , 6.

behoefte aan 'n gemoderniseerde definisie wat in ooreenstemming is met die teenswoordige betekenis van die woord.

Onder sport word verstaan elke soort oefening of liggaamlike werkzaamheid wat ten doel het om 'n prestasie te verwesenlik en waarvan die uitvoering heeltemal die idee van stryd teen 'n bepaalde element insluit : 'n afstand , 'n bepaalde tyd , 'n hindernis , 'n liggaamlike moeilikheid , 'n gevaar , 'n dier teenstander , en by uitbreiding ook die deelnemer self. 42)

Die denkbeeld van stryd of van voortdurende inspanning is die kriterium van sport. Daarin lê die wens opgeslote om meer of beter te presteer as wat reeds deur andere of deur die deelnemer self gedoen is ; met ander woorde , om te verbeter , te ewenaar , te oortref of te oorwen , afhangende van die aard van die element wat as objek tot die inspanning dien.

Hierdie definisie lê voor alles die nadruk daarop dat die oefening , onafhanklik van die karakter daarvan , uitgevoer word met die idee van inspanning of stryd , teneinde 'n noukeurig vooruit vasgestelde resultaat te verkry. 43)

(c) Waarde. Van die begin af het sport die karakter vertoon van 'n sekere verstrooiing , afleiding van die erns van die lewe deurdat mens jou heeltemal vrywillig , maar dan ook totaal oorgoe aan 'n ander inspanning wat baie na spel lyk. Sport is 'n uitnemende saak. 44) Sport is die spel van vergelyking van prestasies , prestasies op alle moontlike gebied. Prestasie vereis oefening ; aan elke sport gaan dus die spesiale voorbereiding vooraf , wat op homself ook al tot die sportiewe bedrywigheid behoort , want vooruitgang (vergelyking van prestasies) is die doel. Steeds word gestrewe na hoër prestasies en alles wat 'n moontlike vooruitgang in die pad sou kan staan , word geweer. Mens moet die sport eer en waardeur , omdat dit die liggaam (as onmiddellike uiting van die lewe in sy gedaantedrang) onder tug bring , onderwerp en as voertuig diensbaar stel aan wêreld- en mensoorwinnende orde. 45) Nouliks kan mens

42) Hébert : loc.cit.

43) ibid. , 7.

44) de Hartog : Modern Heidendom , 86.

45) de Hartog : loc.cit.

die lof van die sport te baie of te hoog aanslaan. Ook die sport is nie slegs mensuiting nie , maar tewens wêreldopenbaring. As humaniteitsuiting verteenwoordig die sport universele of kosmiese sin. 46)

Ware sport dra 'n etiese karakter ; dit kan bydra tot die sedelike verheffing van die beoefenaar. Dis die menslike insig en beleid wat aan die spel dié elemente toevoeg wat die spel tot sport maak. Met die insig en beleid tree tug, onderwerping, oefening aan die dag. Die tug word openbaar in die gehoorsame onderwerping aan die bevel. Die jong turk mag teenoor die opgelegde bevel teoreties in verset kom, prakties sal hy hom oefen in die sport om in vrye onderwerping 'n hoër staat te verower en te vier. Ook bevorder die sport die soberheid. Oefening vereis beperking. Waar mens rook , drink , ontug nie nalaat vir God of mens nie , daar dwing die sport die andersins onwillige persoon om in te gaan tot die hoër sfeer van onthouding. „Oorwonne sinnedrif kan omgeset word in hoër geesdrif" aldus Schopenhauer. 47) Al kan die sport die mens dan wel nie wesentlik bekeer , suiwer of vernuut nie , nogtans bring dit met hom die uiterlike oefening tot matiging en reinheid. Die liggaam word bewaar , moontlik nie om die siel ontwil nie , maar tog om homself ontwil.

(d) Algemene opmerkinge. Spel en sport is wesentlik verskillend , aangesien die spel nie , sport daarenteen steeds 'n bepaalde doel het waarop dit konsentreer. Daardeur bied die spel 'n ruimer geloofthoid tot vrye ontplooiing van krag en persoonlikheid as sport.

In sportkoerante of sportrubricke van ander koerante word die woord sport vir allerlei bedrywighede gebruik wat niks met sport gemeen het nie. So praat mens van dambord- , skaak- , duiwe- , hondesport ; in afwyking hiervan het ons ons hier beperk tot die bedrywighede waar liggaamskrag , behendigheid en uithoudingsvermoë hoofsaak is.

46) *ibid.* , 87 et seq.

47) *ibid.* , 88.

Gimnastiek het in teenstelling met sport 'n meer persoonlike karakter ; sport het meestal 'n prestasiedoel teenoor die mededinger. 48) Kenmerkend vir sport is die kampdrif waaruit dit voorkom , die strydlustigheid , die wil om mekaar te oortref , die bereiking van prestasie en die vergelyking van prestasies.

Dit is 'n telkens weer voorkomende en 'n algemeen bekende feit dat die verrigtinge by liggaamsoefeninge en by sport alles oortref wat vroeër bereik is. Dit is nie voldoende om elke verrigting afsonderlik te bewonder en die rekord wat geslaan is te erken nie ; aandag moet ook geskenk word aan die indruk wat hul verskeidenheid en herhaalde verbetering op ons maak. Ons kom dan tot die oortuiging dat die menslike organisme tans groter bekwaamhede en geskikthede besit as ooit tevore ; die hedendaagse bokskampioen bring swaarder houe toe as mens dié ooit tevore gegee het. 49)

Sport gee 'n gevoel van vervulling , bevrediging en vreugde mits dit as spel opgevat word. Dit is die kriterium waarby die waarde van sport staan of val : die opvatting van sport as spel. Hou die sport op om spel te wees , dan word dit 'n aanfluiting. 50

Die nuwe kultus van liggaamskrag , behendigheid en moed vir vrou en man is op homself beskou ongetwyfeld 'n positiewe kultuurfaktor van die hoogste waarde. Sport skep lewenskrag , lewensmoed , orde en harmonie — almal van die kosbaarste dinge vir die kultuur. 51)

§ 5. Liggaamlike Opvoeding.

Na die oorsig van die verskillende kategorieë sal dit duidelik wees dat die een kategorie eienskappe besit wat 'n ander kategorie glad nie of in mindere mate besit. Dis darem van soveel belang om in die praktyk van die verskillende kategorieë gebruik te maak , sodat daar aanvulling kan geskied. Die vorme van liggaamlike opvoeding lewer vir die opgroeiende mens 'n on-

48) Tazelaar : Christelike Enceclopedie , V , .249.

49) Ortega y Gasset : Opstand der horden , 34.
cf. Huizinga : op.cit. , 197.

50) van Asch : op.cit. , 38.

51) Huizinga : In the Shadow of to-morrow , 154.

middellike bevrediging op en het derhalwe alle kanse om deur hom van binne-uit aanvaar te word. 52) Dit is 'n gunstige voorwaarde vir die ontstaan van die waardebesef as dit naamlik sou blyk dat met die beoefening van hierdie vorme 'n ervaring van waardes gepaard gaan wat in staat is om 'n bepaalde wilsgerigtheid op te wek.

Die menslike wese is nie 'n enkelvoudige organisme nie ; die liggaamlike opvoeding moet dan ook terdeë met die meervoudigheid rekening hou. 53) Dit mag nie die noue betrekkinge wat tussen fisiek en moraal bestaan uit die oog verloor nie. As mens slegs die fisieke krag sou ontwikkel sonder die verstandelike vermoëns wat hulle moet lei en die gevoel wat die gebruik daarvan moet regverdig , dan loop mens gevaar om „òf ledepoppe , òf brute" te vorm. Die ware hoër kragte is geestelike en morele ; hulle domineer alle ander kragte. Die fisieke krag kan nooit tot iets goeds lei nie sonder dat die wil en die energie , eweas 'n hoë ideaal , kragtig invloed uitoefen.

Die vernaamste karakteristiek van liggaamlike opvoeding skuil hierin dat dit 'n deurlopende handeling is. As mens oefeninge doen op ongoreelde tye , op willekeurige manier speel of jou sonder enige beperking aan sport oorgee , is daar van liggaamlike opvoeding geen sprake nie. Liggaamlike opvoeding stel hom die volledige ontwikkeling ten doel en nie slegs die ontwikkeling van een deel van die liggaam nie , dikwels nog ten koste van die ander dele. 54) Dit soek die harmonie van die verrigtings , net soos dié van die vorme ; dit strew na gesondheid sowel as na skoonheid. As mens slegs liggaamsoefeninge doen sonder dat mens jou besighou met die voorwaardes wat van beslissende invloed op die ontwikkeling van die organisme is , kan daar van liggaamlike opvoeding geen sprake wees nie. Dit laat die weerstand van die organe toeneem en verskaf orgaankrag ; dit ontwikkel die eienskappe wat nodig is vir handeling en ten slotte stel die liggaamlike opvoeding hom 'n gesonde moraal ten

52) Verslag Congres '39 , 76.

53) Hébert : op.cit. , 7.

54) ibid. . 9.

doel wat op die goeie gerig is. As mens uitsluitend besig is met die materiële effek van die oefeninge sonder om na 'n hoër bestaansrede te soek , het mens nie met opvoeding , maar met dressuur te doen. 55)

In sy uitgangspunt sal die liggaamlike opvoeding tot taak hê om gedurig die natuurlike te suiwer , te verruim , te vervolmaak in sy meganiese verloop , in sy ekspressiwiteit en in sy skoonheid. 56) Die liggaamlike opvoeding het die oog op die gesondheid , op die houdings- en bewegingsvorm , op die uitdrukkingsvermoë , op die prestasie ; in dit alles is die liggaamlike opvoeding vreugdevol 57) besig , aangesien hy die betekenis sien van die emosioneel-instinktiwe lewe in hierdie tyd. 58)

Intensiewe en alsydige beweging het 'n gunstige invloed op die gesondheid , waarby ogter nie vergeet mag word nie dat gesondheid die resultante is van so baie faktore (lewenswyse , totaalstruktuur , konflikte) dat liggaamlike opvoeding slegs 'n geringe deel daarvan kan versorg , naamlik die ingespanne besig-wees op vreugdevolle wyse.

'n Goeie houdings- en bewegingsvorm is van estetiese belang , maar ook ontwikkel die motoriek die intelligensie en gee 'n goeie houding selfvertroue. Die emosioneel gelaaide bewegings wat vreugdevol uitgevoer word , kan die uitdrukkingsvermoë vergroot en die prestasie is belangrik om die bewegingsbesit te toets aan die resultaat , waardeur weer verhoging van die selfvertroue moontlik is. Dat dit alles op stylvolle , korrekte wyse moet geskied , is vanselfsprekend. Ook in die stryd teen die „besmetlikheid van stylloosheid" is liggaamlike opvoeding 'n middel mits dit op die juiste wyse gehanteer word. Elke wanordelike les bring goeie gimnastiek in diskrediet. 59)

55) Hébert : op.cit. , 10.

56) De Lichamelijke Opvoeding , Jrg. 28 , 159.

57) „Gymnastik ist Arbeit im Gewande jugendlicher Freude" , - Guths-Muths. (Monnoyeur : De Lichamelijke Opvoeding, 37)

58) van Asch : op.cit. , 33.

59) loc.cit.

BIBLIOGRAFIE.HOOFSTUK V.

- Bogong , G.A.C.: Geschichte des Sports aller Völker und Zeiten.
 Buytendijk , F.J.J. : Algemene Theorie van de menselijke
 houding en beweging.
 Casimir , R. : Alleen met uzelf.
 Claparède , E. : Psychologie de l'Enfant et Pédagogie
 expérimentale.
 Coetzee , J.C. : Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoed-
 kunde.
 de Hartog, A.H.: Modern Hoidendom.
 Grosheide F.W. c.s. : Christelijke Encyclopaedie voor het Neder-
 landsche Volk ; deel V.
 Hébert , G. : De Sport tegen de Lichamelijke Opvoeding.
 Hecker , W.A.A. en Heyn , A.C. : Geschiedenis der Lichaams-
 oefeningen van de Oudheid tot Heden.
 Huizinga , J. : In the shadow of to-morrow. A diagnosis of the
 Spiritual Distemper of our Time.
 - : Homo Ludens. A Study of the Play-Element in
 Culture.
 Jan Luiting Fonds No. 12 : 1862 - 1937. Na 75 jaar. Gedenkboek.
 - No. 13 : Verslag van het eerste Nederlandsche
 Congres voor Lichamelijke Opvoeding. 1939.
 Korpershoek , J.M.J. : Doel en Plaats der Lichamelijke Opvoe-
 ding onder de huidige Culturomstandigheden.
 Monnoyeur , K. : De Lichamelijke Opvoeding op de Lagere School.
 Ortega y Gasset , J. : De Opstand der Heden.
 - : Zelfinkeer en verbijstering.
 van Asch , J.C.: Gymnastiek gezien vanuit een Christelijke
 beschouwing omtrent de mens.
 Winkler Prins : Encyclopaedia.
 Wouters D. en W.G. van de Hulst : Verdieping en Belijning.Dl.I.

Tydskrif : De Lichamelijke Opvoeding. Orgaan van de Ver-
 eniging van Leeraren en Onderwijzers in de
 Lichamelijke Opvoeding in Nederland.